BLOEMFONTEIN BAPTISTE

# Deel Jou Hoop Handleiding

# INLEIDING

Welkom by hierdie studie oor hoe jy met ander mense oor die Here Jesus kan gesels en hoe jy jou hoop kan deel. Hierdie is 'n belangrike deel van ons Christelike lewe en kan jou help om geestelik te groei. Dit bring ook vreugde in jou wandel saam met die Here, maar as ons eerlik is, sal party mense eerder 'n wortelkanaal by 'n tandarts aanvat as om gesprekke met mense te begin oor die Here Jesus.

Petrus, een van Jesus se naaste volgelinge skryf die volgende:

*"Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe."*
**1 Petrus 3:15 (AFR83)**

*"Julle behoort aan Hom en aan Hom alleen. Daarom moet julle die groot en goeie dinge wat Hy vir julle gedoen het, aan almal vertel."*
**1 Petrus 2:9 (DB)**

Hoor wat sê die Psalmdigter:

*"Verkondig elke dag sy reddingsdade!"*
**Psalm 96:2 (AFR83)**

*"Vertel vir almal op aarde wat die Here gedoen het."*
**Psalm 105:1 (DB)**

Paulus skryf:

*"Hierdie boodskap van die versoening het Hy aan ons opgedra om te gaan verkondig."*
**2 Korintiërs 5:19 (NLV)**

Hoe doen ons hierdie – hoe maak ons gereed, hoe beantwoord ons mense, hoe verkondig ons dit wat Jesus gedoen het? Dit is alles vrae wat ons gaan hanteer in hierdie studie.

Hierdie studie gaan basies in drie dele gedeel word

1. Hoekom moet ons teenoor mense getuig?
2. Hoe kan jy gereed maak om 'n antwoord te gee?
3. Hoe kan ons aktief invloed uitoefen en gesprekke begin?

*"Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees."*
**1 Timoteus 1:9 (AFR83)**

As jy Jesus aangeneem het as Here en Verlosser van jou lewe, is jy gered, maar jy is ook geroep om 'n verskil te maak. Die goeie nuus is – jy kan! Die Here *kan* jou gebruik om 'n verskil te maak in hierdie lewe. Die Here *kan* jou gebruik om hoop aan mense te deel en iets te verduidelik van wat Jesus gedoen het.

*"Want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer."*
**Filippense 2:13 (AFR83)**

Ons sien uit om jou te help in hierdie proses en vir jou praktiese maniere te leer hoe jy jou getuienis kan saamstel, hoe jy dit met ander mense kan deel en hoe jy gesprekke kan begin en in 'n rigting van geestelike dinge stuur. Op hierdie manier kan jy help dat Jesus 'n verskil in mense se lewens teweeg bring.

Laai jou gids af met al die studie materiaal en oefeninge wat jy kan deurwerk, en werk die studies een vir een deur. Mag dit vir jou tot baie seën wees!

# Deel 1:

# Hoekom moet ons teenoor mense getuig?

# 1. WAT IS EVANGELISASIE

**As jy 'n definisie vir "evangelisasie" sou moes gee, hoe sal jy dit in jou eie woorde beskryf?**

----------------------------------------------------------------

----------------------------------------------------------------

----------------------------------------------------------------

Baie keer wanneer mense die woord "evangelisasie" hoor, is dit amper asof hulle maag begin draai. Dit voel soos 'n groot en gelaaide woord, maar die betekenis daarvan is eintlik heel eenvoudig. Wanneer ons met mense praat en hulle van die Here Jesus vertel, is dit evangelisasie. Evangelisasie kan gebeur by jou werk, by die tennisbaan, by die skool, in Jemen of Australië en selfs in jou sitkamer. Dit is wanneer jy met ander mense oor die Here Jesus praat en hulle help om beter te begryp wie Hy is en wat Hy gedoen het. Iemand het eenkeer gesê dit is soos een boemelaar wat vir 'n ander boemelaar vertel waar om brood te kry.

Alle mense evangeliseer oor iets of oor iemand. Mense sal vir ander vertel van 'n restaurant waar hulle baie lekker geëet het, of 'n fliek wat hulle geniet het wat die ander persoon *moet* kyk. Mense sal vir ander vertel van 'n nuwe tert resep wat hulle probeer het en hoe smaaklik dit was en die resep vir die ander aanstuur om ook te probeer. Mense sal vir ander vertel van 'n vakansieplek waar hulle was en hoe mooi dit was en sal ander aanraai om ook die plek te besoek. Dit is alles in 'n sekere sin "evangelisasie" oor plekke en belewenisse. Dit is ook hoe jy oor evangelisasie moet dink – jy vertel vir 'n ander persoon oor Iemand wat jou lewe kom verander het en waaroor jy opgewonde is; Iemand wat ook hulle lewe kan verander.

Die Bybel praat op verskillende plekke van geestelike gawes wat die Heilige Gees aan gelowiges gee. Geestelike gawes is vermoëns wat die Heilige Gees aan Christene gee, om die kerk-liggaam op te bou en die koninkryk te bou. Geestelike gawes is vir geestelike werk.[1] Een van die gawes wat genoem word, is evangelisasie. Party mense het die gawe van evangelisasie gekry en hulle het 'n baie natuurlike aanvoeling om met ander mense oor die Here Jesus te praat. Hulle doen wonderlike werk vir die Here, maar net omdat jy nie die gawe gekry het nie, beteken nie jy het die roeping van evangelisasie gekry nie. Ons is almal geroep om met ander oor die Here Jesus te praat. Ons is almal geroep om 'n antwoord te gee oor die hoop wat in *ons* lewe is.

Baie mense het nie die gawe van dien nie, maar die Bybel maak dit duidelik dat alle Christene ander mense moet dien. Nie almal het die gawe van gee nie, maar die Bybel maak dit duidelik dat alle Christene moet gee.

Daar is baie keer verkeerde begrippe van wat evangelisasie is, of mense het 'n sekere prentjie of ervaring van wat evangelisasie is, en hulle begrip daarvan beïnvloed hoe hulle dit benader. Dit is belangrik dat jy sal verstaan hoe jy nie daaroor moet dink nie, sodat jy nie dit verkeerd sal benader nie.

## Wat is Evangelisasie NIE:

### A – Die *Hit-and-Run* Benadering

Party mense los 'n klomp traktaatjies vir mense in badkamers en plekke om te lees. In die konteks waar ons leef en ons kultuur, is hierdie dalk nie die beste manier om mense te bereik nie. Dit werk goed in dele van die wêreld waar mense nie openlik gesprekke oor Jesus kan hê nie, maar dit is nie die geval in ons land nie. 'n Belangrike deel van evangelisasie is om met mense te *praat*.

[1] Gaan kyk gerus in Romeine 12, 1 Korintiërs 12, Efesiërs 4 en 1 Petrus 4 waar die verskillende geestelike gawes genoem word.

*"Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek?"*

**Romeine 10:14 (AFR83)**

Jesus het met mense gepraat, en as ons soos Hy wil wees, moet ons ook met mense praat en verhouding bou.

**B – Die Goeie-Lewe Benadering**

Mense haal baie keer vir Saint Francis van Assisi aan: "*Preach the gospel at all times. Use words only when necessary."* Dit is 'n mooi sêding, maar dit is nie die volle waarheid nie. Ons moet ʼn goeie lewe leef, maar daar kom ʼn tyd wat ons woorde moet gebruik en sekere dinge van die evangelie aan mense moet verduidelik. Ja ons moet lig wees wat van ver af skyn en sigbaar is vir mense, maar ons moet ook sout wees wat naby kom. Ons lewe maak die deur oop dat mense kan vrae vra, maar dan moet ons gesprekke hê om te verduidelik hoekom ons anders leef. Anders maak mense afleidings van jou lewe wat dalk nie reg is nie.

*" Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus."*

**Romeine 10:17 (AFR83)**

**C – Die Nooi-na-Kerk Benadering**

Ons wil graag ʼn gemeente wees waarheen jy jou vriende kan nooi en mense kan nooi wat nie die Here ken nie. Hulle sal die Evangelie hoor, maar baie keer kom hulle nie die eerste keer tot bekering nie. Daar moet êrens ʼn gesprek tussen jou en daardie persoon wees waar jy moet uitvra oor hulle ervaring en sekere dinge vir hulle moet verduidelik. Jou werk is nie net om hulle kerk toe te bring nie – alhoewel ons oor Jesus gaan preek – jou werk is om hulle te beïnvloed vir Jesus en dit kan ʼn week wees of dit kan ʼn jaar wees deur verskillende elemente en gesprekke.

**D – Die Praat-oor-God Benadering**

Mense kan maklik praat oor flieks en sport. Ons kan al hierdie toekenningsprogramme, soos die Academy Awards en Grammy Awards, kyk en dan sê hierdie ster – "*I want to thank God".* Al die Christene is baie bly en tieners oortuig hulle ouers dat daardie kunstenaars eintlik Christene is en daarom kan hulle na hul musiek luister. Maar wanneer mense net praat oor God, dink die Moslems hulle praat oor Allah; die Hindoes dink hulle praat oor een van hulle baie gode; New Agers dink daar word van hulle gepraat. Maar wanneer jy oor Jesus praat, is dit baie duidelik, maar ook baie moeiliker.

*"Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig"*

**Filippense 2:9-10 (AFR83)**

*"Hý bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie."*

**Handelinge 4:12 (AFR83)**

Jesus is die Een wat alles verander.

**E – Die *Werk-vir-die-Spesialiste* Benadering**

Party mense dink evangelisasie is ʼn werk net vir dominees, pastore en leiers in die kerk. Hulle dink: ek sal my vriend bring en dan kan hulle oor Jesus praat en hom/haar oortuig. Dieselfde Heilige Gees wat in die dominee is, is ook in jou en dit is Hy wat die deur vir JOU oopgemaak het om met jou vriend te praat.

Evangelisasie is basies jy wat met 'n ander persoon oor die Here Jesus praat. Jy praat oor wat Hy in jou lewe gedoen het en hoekom jy Hom volg. Miskien het jy dit al gedoen, sonder dat jy geweet het dit is evangelisasie.

**Hoekom dink jy het mense soms 'n verkeerde idee oor evangelisasie? Hoekom dink jy is mense soms "bang" vir evangelisasie?**

# 2. REDES HOEKOM ONS MET ANDER MOET DEEL

Dis een ding om beter te *begryp* wat evangelisasie beteken, maar hoekom is dit belangrik dat ons dit *doen*? Wat is die implikasies as ons dit wel doen? Wat is die implikasies as ons dit nie doen nie? Wat is die gevolge indien ons nie gereedmaak om 'n antwoord te gee oor die hoop wat in ons lewe nie? Watter invloed kan dit in ons en ander mense se lewe hê?

Daar is verskeie redes hoekom ons as Christene moet praat oor die hoop wat in ons lewe en hoekom ons moet evangeliseer.

## 1. God het ons gemaak om Hom te ken

Mense is uniek. God het ons na sy beeld gemaak. Ons het ʼn gees wat met God kan kommunikeer. Die Bybel sê: "*So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees*" (Efesiërs 1:4). God wil ʼn lang termyn verhouding met ons hê. Mense wat nie vir God ken nie, mis die hele punt hoekom hulle op die aarde geplaas is! Dit is ʼn tragedie!

## 2. Evangelisasie was Jesus se missie – en ons is geroep om dieselfde te doen.

Die Bybel maak dit duidelik dat Jesus se missie was om "*te soek en te red wat verlore is*" (Lukas 19:10). Omdat ons geskep is om soos Jesus te wees, moet ons missie dieselfde as syne wees. Om die waarheid te sê, in Johannes 17:18 bid Jesus: "*Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur*" en in Johannes 20:21 sê Jesus vir sy dissipels: *"Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."* Jesus herhaal hierdie boodskap oor en oor in die Nuwe Testament. As ek ʼn Christen is, is my missie in hierdie lewe nie opsioneel of 'n voorstel of 'n moontlike goeie idee indien ek tyd kry in my skedule nie – dit is ʼn opdrag van Jesus self. As Christene het ons 'n opdrag van Jesus gekry om sy missie uit te leef. Ons is of gehoorsaam aan dit wat Jesus gevra het, of ons is nie. Jesus het gesê dat as ons Hom werklik liefhet, sal ons sy opdragte uitvoer (1 Johannes 5:3).

Toe Jesus op aarde was, het Hy 'n fisiese liggaam gehad waardeur Hy alles gedoen het. Nou het Hy 'n geestelike liggaam op aarde – die kerk – waardeur Hy sy missie uitvoer.

In al vier die evangelies, in Handelinge (die Bybelboek wat vertel hoe die eerste Christene gelewe het) en in van Paulus se briewe vind ons die opdrag om mense van Jesus te vertel. Jesus wou seker maak sy volgelinge mis nie sy opdrag nie en daarom is dit oor en oor herhaal in die Bybel. Lees deur elkeen van die volgende skrifgedeeltes en kyk of jy die opdrag van Jesus kan raaksien:

**Matteus 28:18-20**

---

---

**Markus 16:15**

---

---

**Lukas 24:47-48**

---

---

**Johannes 20:21**

---

---

**Handelinge 1:8**

---

---

**Romeine 10:13-17**

---

---

**2 Korintiërs 5:18-21**

---

---

## 3. Evangelisasie is ons verantwoordelikheid.

God maak dit duidelik dat as daar mense om ons op pad hel toe is, en ons deel nie die Evangelie met hulle nie, is ons verantwoordelik. Mense is in ons lewens vir 'n rede. As ons hulle nie van Jesus vertel nie en hulle spandeer 'n ewigheid weg van God, is dit op hulle, maar dit is ook op ons.

**Lees Esegiël 3:18. Wat staan vir jou uit oor ons verantwoordelikheid om met ander mense oor Jesus te praat?**

---

---

## 4. Evangelisasie is 'n voorreg.

Dit is asof 2 Korintiërs 5:20 ons herinner dat dit 'n voorreg is om Christus se verteenwoordigers te wees: *"Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!"* Ons het die voorreg om die Koning van konings vir die mense in ons lewens te verteenwoordig. Dit is 'n voorreg om as ambassadeur op te tree vir 'n land, maar dit is 'n baie groter voorreg om die Skepper van die heelal te verteenwoordig voor ons vriende, familie en bure. Dit is die geleentheid wat ons het om ander van Jesus te vertel!

**Lees Romeine 1:16. Watter krag lê daar in die evangelie?**

---

---

## 5. Evangelisasie wys jou dankbaarheid vir wat Jesus vir jou gedoen het.

Ons vergeet heeltemal te gou wat die Evangelie; die Goeie Nuus eintlik is. Die Bybel sê: : "*In dié tyd was julle sonder Christus...sonder hoop en sonder God in die wêreld*" (Efesiërs 2:12). God het ons gered! As ons 'n geneesmiddel vir kanker gehad het en dit nie gedeel het nie, sou dit 'n misdaad gewees het. Ons weet wat is die enigste pad en manier om 'n verhouding met God te hê. Ons het dit ervaar. As ons dit nie deel nie, tree ons ondankbaar op.

God het nog nooit 'n persoon gemaak vir wie Hy nie lief is nie en hierdie liefde van God moet ons dring en ons onder verpligting plaas om die goeie nuus uit dankbaarheid te deel.

**Lees Romeine 1:14-15. Wat staan vir jou uit in hierdie gedeelte? Voel jy dieselfde as Paulus?**

---

---

**Lees 2 Korintiërs 5:14. Wat dien as motivering vir Paulus om vir almal die Evangelie te vertel?**

---

---

## 6. Mense is verlore sonder Christus

Handelinge 4:12 maak dit duidelik dat Jesus is die enigste Een wat ons kan red: *"Hý (Jesus) bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie."* Mense is verlore sonder Jesus Christus. Hy is die enigste manier hoe mense hemel toe kan gaan. Jesus sê in Johannes 14:6: *"Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."* God kon gekies het om die Goeie Nuus in die wolke te skryf, maar in plaas daarvan het Hy gekies om dit deur ons te deel. Miljarde mense regoor die wêreld (en baie in ons woongebied) het nodig om dit te hoor. As ons dit nie deel nie, wie sal?

Mense is geestelik verlore totdat hulle Jesus aangeneem het as Here en Verlosser van hulle lewe. Ons moet dus met dringendheid evangeliseer.

**Lees 1 Korintiërs 9:16-17. Wat maak Paulus duidelik in hierdie gedeelte?**

---

---

In Romeine vind ons twee realiteite:

1) Almal het gesondig en is skuldig voor 'n heilige God;

God het 'n standaard gestel en almal van ons voldoen nie aan hierdie standaard nie. Ons kan dalk beter wees as ander mense, maar ons voldoen nog steeds nie aan die standaard nie. Dit is amper om te sê ek het darem beter in die toets gedoen as die persoon langs my, maar die realiteit is, ek het ook nie die toets deurgekom nie. Ek is ook een van die druipelinge.

**Lees Romeine 3:10-12 en 23. Watter waarhede stel Paulus hier oor ons geestelike toestand sonder Jesus?**

---

---

Sonde is 'n almal probleem en ons almal mis die standaard en daarom moet ons besef ons is almal verlore sonder Jesus.

2) God het ʼn weg deur Jesus geskep om alles deur Hom (Jesus) reg te maak.

Mense glo sekere leuens as dit kom by evangelisasie. Byvoorbeeld, Christenskap is ʼn private ding tussen my en God. Christenskap is dalk ʼn *persoonlike* ding, maar dit is nie ʼn *private* ding nie. Jesus het in die openbaar vir ons sondes gesterf en ons is lig vir die wêreld. Die Bybel sê: *"Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie"* (Matteus 5:14). Jesus is nie ʼn private Verlosser nie – Hy het vir die sonde van die wêreld gesterf.

ʼn Ander leuen wat mense glo is dat alle gelowe eintlik dieselfde is. Dit is net 'n halwe waarheid. Ja daar is verskillende paaie na dieselfde plek, maar hierdie plek is die hel en weg van God. Ons kry hierdie ding dat ons moet alle gelowe verdra. Ek kan mense, wat anders glo, met waardigheid en respek hanteer sonder om dieselfde te glo en saam te stem met wat hulle glo. Alle gelowe is nie dieselfde nie; alle paaie lei nie na dieselfde plek nie en baie mense weet nie dat baie paaie nie na die hemel toe lei nie.

Jesus is nie net nog 'n weg nie – Hy is die enigste weg. Lees deur die volgende verse en skryf neer hoe elkeen beklemtoon dat Jesus die enigste weg is:

**Johannes 3:36**

----------------------------------------

----------------------------------------

**Johannes 14:6**

----------------------------------------

----------------------------------------

**Handelinge 4:12**

----------------------------------------

----------------------------------------

**Romeine 5:1, 8-9**

----------------------------------------

----------------------------------------

**Romeine 6:23**

----------------------------------------

----------------------------------------

**Romeine 8:1**

----------------------------------------

----------------------------------------

**1 Johannes 5:11-12**

---

---

## 7. God wil hê dat almal gered word

Die Bybel maak dit duidelik in dat God nie wil hê mense moet verlore gaan nie. Dit beteken dat jy nooit na 'n persoon gaan kyk wat God nie wil red nie. Niemand is té sleg nie. Niemand is vergete nie. Niemand is té ver van God nie. As God wil hê dat almal gered word, moet ons dit ook wil hê, maar die manier is slegs deur Jesus.

Lees die volgende verse en skryf neer hoe elkeen hierdie waarheid bevestig:

**1 Timoteus 2:3-4**

---

---

**2 Petrus 3:9.**

---

---

## 8. Ons gaan beloon word.

Die Bybel sê: "*julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens julle staan*" (Kolossense 3:24). Ons gaan in die hemel beloon word met ewige belonings omdat ons mense na Jesus toe gelei het.

## 9. God se tydrooster vir geskiedenis hang af van ons wat ons missie moet voltooi.

Baie mense wil weet wanneer Jesus gaan terugkom. Dit is een van die gewildste onderwerpe in party Christen kringe. Die waarheid is, ons weet nie wanneer Jesus gaan terugkom nie. Jesus maak dit duidelik in Matteus 24 dat niemand weet wanneer Hy gaan terugkom nie.

Maar die Bybel maak dit wel duidelik wat eers moet gebeur. Ons moet weet, dat as ons wil hê Jesus moet terugkom, het ons nodig om vir die mense van Jesus te vertel.

**Lees Matteus 24:14. Watter invloed het ons evangelisasie op Jesus se wederkoms?**

---

---

Die woordjie nasies in Matteus 24:14 beteken eintlik elke etniese groep of volk of taalgroep. Die onderwerp oor wanneer Jesus gaan terugkom was ook in die dissipels se gedagte net voor Jesus op gevaar het hemel toe, maar Jesus het nie belang gestel in profesieë oor sy tweede koms nie. Jesus wou praat oor sy missie en evangelisasie. Jesus wou dit duidelik maak dat hulle fokus moet nie wees op wanneer Hy terugkom nie, maar hulle moet fokus om die goeie nuus met almal te deel. Fokus op die doel hoekom ek julle hier op die aarde gelos het.

Lees hierdie gedeelte om te sien hoe Jesus se fokus en die dissipels se fokus verskil het:

**Handelinge 1:6-8. Hoe vergelyk dit met jou fokus?**

---

---

## 10.Ons sal bly wees wanneer ons mense in die hemel sien.

Lukas 15:7 sê: "*Ek sê vir julle: Net so sal daar ook in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor nege en negentig mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie*". Daar is 'n groot partytjie in die hemel as een persoon tot geloof kom. Wanneer ons hemel toe gaan, sal ons mense daar sien in wie se lewe ons 'n aandeel gehad het om hulle in die hemel te kry. Ons sal nie dink aan die hoeveelheid tyd wat dit gevat het om 'n verhouding te bou nie. Ons sal nie dink aan die verleentheid toe ons getuienis nie gegaan het soos beplan nie. Ons sal opgewonde wees om hulle te sien!

Ons moet dus alles doen om die missie wat Jesus vir ons gegee het, uit te leef in hierdie wêreld.

**Lees Handelinge 20:24. Hoe vergelyk Paulus se fokus met hoe jy fokus op dit wat die Here vir jou gegee het? Watter aanpassings dink jy is nodig in jou eie lewe?**

---

---

---

---

# 3. DINGE WAT KEER DAT ONS DEEL

Indien jy die meeste Christene sou vra of hulle teenoor ander mense wil getuig, sal die meeste vir jou baie vinnig aandui dat hulle graag wil, maar die realiteit is dat die meeste mense dit nie doen nie. Die rede hiervoor is vrees. Ons is bang, maar ons moet onthou dat vrees is juis nie iets van die Here af nie. Dit is een van die vyand se wapens om te keer dat ons die goeie nuus van Jesus deel en Jesus se missie in woord opneem.

*"Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing."*

**2 Timoteus 1:7 (AFR53)**

Daar is gewoonlik 3 vrese waarmee mense worstel:

## Vrees 1: Mislukking

Ons is baie keer bang dat mense nie na ons sal luister nie en nie tot bekering sal kom nie. Ons is bang ons probeerslae lyk dan soos 'n mislukking. Ons moet egter ophou om sukses te meet aan hoeveel mense vir Jesus as Here en Verlosser aangeneem het, nadat ons teenoor hulle getuig het. Ons moet eerder sukses meet aan hoeveel keer ons met mense oor Jesus gepraat het toe die geleentheid homself voorgedoen het.

***"Engel" Skaal[2]:***

**-10** --------------------- **-5** --------------------- **0** --------------------- +**5** --------------------- **+10**

Alle persone wat ingestel is op geestelike aspekte lê êrens op hierdie skaal. Persone aan die negatiewe kant het nog nie tot bekering gekom nie, maar is soekend en het vrae oor geestelike aspekte. Mense wat reeds vir Jesus aangeneem het, is aan die positiewe kant van die skaal. Sodra iemand tot bekering kom, beweeg hulle van die negatiewe getalle oor na die positiewe. Mense wat nie op hierdie stadium in geestelike dinge belangstel nie, is nie op die skaal nie.

Ons wil baie keer net ons sukses meet aan of ons 'n persoon van negatief na positief gehelp het. Ons moet egter onthou dat God ons op verskillende plekke op hierdie skaal gebruik. Byvoorbeeld, wanneer ons verhouding bou met mense, geleenthede soek om gesprekke oor Jesus te hê, bid vir geleenthede en gehoorsaam is aan die Heilige Gees, help ons soms dat iemand van -8 na -5 beweeg. 'n Volgende persoon kom weer en help die persoon van -5 na -2 en 'n derde persoon het dalk die voorreg om die persoon na die Here te lei (van -2 na +1). In die proses was ons egter gehoorsaam aan dit wat die Heilige Gees van ons verwag het op die persoon se geestelike reis. Soms help ons iemand met een stap op hierdie skaal en soms met drie stappe. Sommige mense meen dat mense tussen 7 en 8 keer die evangelie moet hoor voor hulle 'n besluit neem om Jesus te volg.

**Dink vir 'n oomblik aan mense in jou lewe wat nie die Here ken nie. Skryf 4-10 mense se name neer.**

------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------

[2] Die Engel skaal is deur James F. Engel ontwikkel as 'n manier om mense se geestelike reis van geen kennis van God tot geestelike volwassenheid as 'n Christen, ten toon te stel.

**Kyk deur jou lys van name. Wie is die persone wat nie op hierdie stadium enigsins in geestelike dinge belangstel nie (m.a.w. hulle is nie op die skaal nie). Bid dat hulle sal begin dink en belangstel in geestelike sake. Lees 1 Korintiërs 2:14 – dit kan jou help hoe en wat jy vir hulle kan bid.**

---

---

---

**Wie van die mense sou jy sê is reeds op hierdie skaal omdat hulle reeds in geestelike dinge belangstel? Bid vir geleenthede om met hulle te gesels. Lees Kolossense 4:3-6 en kyk hoe dit jou kan help waarvoor om te bid.**

---

---

---

## Vrees 2: Verwerping

ŉ Ander vrees wat baie mense beleef, is dat wanneer ek met mense oor Jesus sou gesels, hulle dalk niks meer met my te doen sal wil hê nie of hulle sal nie meer my vriend wil wees nie. Mense is bang hulle word deur hulle vriende/familie/kollegas verwerp. Ons moet egter onthou dat hulle nie óns verwerp nie, maar eintlik vir Jesus self. Partykeer moet ons egter meer omgee vir die *vriend* en sy/haar ewigheid, as die *vriendskap*.

## Vrees 3: Onkunde

Wat as hulle my ŉ vraag vra wat ek nie kan beantwoord nie? Die kans dat iemand jou ŉ vraag gaan vra wat jy nie kan beantwoord nie, is baie goed. Gesels in elk geval met hulle oor geestelike dinge. Die beste antwoord in daardie situasie is om te sê: “Ek weet nie, maar ek sal vir jou uitvind.” Gaan vind dan uit by iemand wat dalk weet en gaan dan terug na die persoon wat jou gevra het met die antwoord. God laat ons partykeer vasgevra word sodat ons ook kan besef wat ons nie weet nie en sodoende groei in ons eie geloof. Wanneer jy dan ŉ antwoord kry by iemand, groei jy ook en volgende keer as iemand vir jou daardie vraag vra, het jy ŉ antwoord.

**Met watter een van hierdie vrese kan jy die meeste identifiseer? Watter vrees keer jou die meeste om met mense oor Jesus te praat? Skryf ŉ gebed vir God neer, en vra dat Hy jou sal help met hierdie vrees en dat sy Gees jou die vrymoedigheid sal gee om met mense oor Jesus te praat.**

---

---

---

---

---

# Deel 2:

# Hoe kan jy gereed maak om 'n antwoord te gee?

# 4. PERSOONLIKE GETUIENIS

Dis een manier om 'n geleentheid te hê om met mense oor die Here Jesus te gesels, dit is iets anders om voorbereid te wees vir hierdie geleenthede. Een van die grootste redes hoekom mense nie met ander oor die Here Jesus gesels nie, is omdat hulle nog nooit daarvoor voorberei het nie. Tog maak Petrus dit duidelik dat ons gereed moet wees om ons hoop te deel:

*"Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe."*
**1 Petrus 3:15 (AFR83)**

Een manier om 'n antwoord te gee oor jou hoop in Jesus, is om jou eie persoonlike getuienis te deel van hoe jy jou vertroue in Jesus geplaas het. 'n Persoonlike getuienis is een van die mees effektiewe maniere van kommunikasie. Adverteerders gebruik gereeld persoonlike getuienisse van mense om hulle produkte te adverteer. Daar is verskeie redes hoekom dit so effektief is.

1. **UNIEK** – jou storie is uniek. Daar is nie nog 'n storie presies soos joune nie. Jy is die enigste persoon wat jou storie kan deel. As jy nie vir ander mense vertel wat in jou lewe gebeur het nie, sal jou storie nooit op hierdie planeet gehoor word nie. As jy nie vertel hoe Jesus jou lewe verander het nie, sal niemand dit hoor nie.

2. **PERSOONLIK** – Jy kan dit uit jou hart deel. Dit is JOU storie.

3. **100% JOUNE** – Dit is moeilik om met 'n getuienis te stry. Jy vertel wat met jou gebeur het. Hoe kan iemand anders daaroor stry? Dit het met jou gebeur en jy weet dit het gebeur! Mense kan dalk twyfel aan wat die Bybel sê, maar hulle moet luister na wat jy vertel in jou storie.

4. **MAKLIK OM TE ONTHOU** – Mense hou daarvan om persoonlike stories te hoor en dit is maklik vir hulle om dit te onthou.

5. **VERHOUDING** – Mense assosieer met ervarings en jou storie kan 'n brug vir verhouding bou. As jy jou storie deel van hoe jou lewe was voor jy Jesus ontmoet het, wat daarna gebeur het en waarmee jy nog steeds sukkel, kan hulle daarmee assosieer en dit beter begryp.

6. **EFFEKTIEF** – In ons post-moderne wêreld is dit dalk een van die mees effektiewe maniere om te getuig. Baie mense vandag wil nie na die Bybel luister nie. Hulle aanvaar nie die Bybel as 100% korrek en waar nie. Hulle dink die Bybel is waar as jy wil glo dit is waar, maar dit is nie waar as jy nie wil glo dit is waar nie. Baie mense glo nie meer in absolute waarheid nie – jy kan glo wat waar is vir jou. Indien dit is hoe mense leef, skakel hulle af as jy dele van die Bybel aanhaal, maar hulle sal wel na jou storie luister en daarom kan jy dit deel. Mense wat nie predikante is nie, is baie meer effektief as hulle hul storie deel. Predikante word gesien as die "betaalde professionaliste". Hulle verwag dat hulle oor God moet praat, maar hulle sien ander mense wat oor God praat soos die "tevrede klante". Wie dink jy het meer kredietwaardigheid?

Die Bybel is vol van getuienisse. Lees deur die volgende versies en kyk die verskillende mense se getuienisse. Skryf iets neer van wat jy leer uit hulle getuienis.

**Dawid – Psalm 66:16.**

---

**Die vrou by die put – Johannes 4:39**

---

**Die man wat blind gebore is – Johannes 9:25**

---

**Petrus en Johannes – Handelinge 4:20**

---

**Lees deur Handelinge 22-26. Let op hoe baie Paulus sy eie persoonlike getuienis gebruik om met mense oor Jesus te praat. Wat staan vir jou uit?**

---

---

---

**Jesus – Johannes 3:11**

---

Wat het elkeen van die volgende verse te sê oor 'n persoonlike getuienis?

**Psalm 105:1**

---

**Psalm 96:2-3**

---

**Johannes 4:39 en wat was die gevolg van haar persoonlike getuienis?**

---

---

In hierdie afdeling wil ons jou help om jou getuienis saam te stel, sodat jy by 'n plek kan kom om dit met gemak met ander mense te deel. Hierdie oefening sal jou toerus om ŉ kort, aantreklike storie te deel van hoe jy ŉ volgeling van Jesus geword het. Onthou, hierdie oefening handel oor jou eie persoonlike reis na geloof en nie ŉ teologiese verdediging van die evangelie nie. Jou persoonlike getuienis bestaan basies uit 4 dele:

1. Hoe was my lewe **voordat** ek Jesus ontmoet het?
2. Hoe het ek **besef** ek het Jesus nodig?
3. Hoe het ek Jesus **ontmoet**?
4. Hoe het my lewe verander **sedert** ek Jesus ontmoet het.

Begin om jou storie saam te stel, maar moenie die proses afjaag nie. Jy mag vind dat hierdie oefening opsigself vir jou ŉ ryk geestelike ervaring is. Volg die volgende stappe in die proses:

1. **BID** en vra die Here om jou te help om die regte woorde te gebruik en om die regte inligting te deel.

2. **BESTUDEER** die voorbeeld van 'n getuienis op die volgende bladsy sodat jy iets van die vier dele van 'n getuienis kan verstaan.

3. **DINK NA** oor jou storie en **SKRYF** ŉ paar gedagtes neer sodat jy jou gedagtes agtermekaar kan kry. Jy kan skryf, krabbel of teken soos jy fokus op wat Jesus vir jou gedoen het en wat dit beteken om Hom te ken. Sommige van die vrae is bloot om jou gedagtes aan die gang te kry. Moenie nou al probeer om al jou

gedagtes 100% agtermekaar te kry nie – probeer net om hulle almal op papier vas te pen en gebruik nog skoon bladsye soos jy dit benodig.

4. **BESTUDEER** die wenke bladsy om jou gedagtes te organiseer en skryf jou getuienis duidelik en aantreklik neer.

5. **BEGIN** om jou getuienis op die bladsye wat voorsien is, neer te skryf is. Hou dit kort! Bly gefokus op die hoofpunte sodat jy jou storie in ʼn minuut kan vertel. Indien jy dit kan doen, sal jy geen probleem hê om meer inligting te gee in ʼn gesprek sodra jy ʼn geleentheid kry nie. Jy kan 'n lang, medium en kort getuienis hê, maar begin met die kort een en skep belangstelling. Mense kan eerder vrae vra en dan kan jy die langer weergawe deel.

6. **OEFEN** om jou getuienis op 'n natuurlike manier te vertel sodat dit nie soos ʼn formele voordrag klink nie. Oefen dit hardop. Indien dit vir jou snaaks klink, maak die nodige veranderinge en hou aan om dit te oefen, totdat dit meer informeel en soos ʼn natuurlike gesprek klink. Oefen tot dit gemaklik voel en klink. Jou storie hoef nie 5 minute lank te wees nie. Indien jy dit nie binne ʼn minuut op ʼn natuurlike manier kan vertel nie, is dit dalk te lank.

7. **DEEL JOU STORIE** met iemand sodat jy terugvoer, voorstelle en opleiding kan kry wat jou sal help om jou storie nog meer effektief te vertel.

**DINK NA EN SKRYF NEER:**

Dink na oor hierdie vrae: Hoe het my lewe verander sedert ek ’n Christen geword het? Wat het Jesus vir my gedoen? Petrus sê ons moet gereed wees om ons hoop te deel – hoe het God jou lewe met meer hoop gevul? Hoe het my Christenskap my gehelp om die vrae oor die lewe te beantwoord? Wat geniet ek die meeste daarvan om ’n Christen te wees? Waarna het ek gesoek voordat ek ’n Christen geword het? Hoe het ek dit in Christenskap gevind?

Hierdie het alles te doen met die persoonlike voordeel van verlossing.

Gebruik hierdie spasie indien teken jou help om te dink.

## Voorbeeld

*"Ek het groot geword in 'n gesin wat aanvaar het hulle is Christene, en soos ek groot geword het, het ek ook aanvaar ek is maar 'n Christen. Later het ek egter anders begin dink. Ek het 'n groep studente ontmoet wat hul lewens totaal anders as ek gelewe het. Ek het ook kerk toe gegaan soos hulle, maar hulle het nie so baie oor kerk en godsdiens gepraat soos wat hulle oor 'n verhouding met God gepraat het wat deur die persoon Jesus Christus verkry kan word nie. My en hulle prentjie van Christenskap het verskil van mekaar. Ek het begin ondersoek instel deur saam met hulle kerk toe te gaan asook na ander aktiwiteite waaraan hulle deelgeneem het, sodat ek meer kon leer waarvan hulle praat.*

*By hierdie verskillende aktiwiteite het ek begin leer wat die evangelie is – die goeie nuus van wat Jesus vir ons gedoen het en wat ons nie vir onsself kan doen nie. Hy het gesterf om te betaal vir die straf wat betaal moes word vir my eie sonde. Ek het geleer dat ek 'n nuwe lewe en verhouding met God kon hê deur Jesus aan te neem. Ek het op 'n plek gekom waar ek my lewe oorgegee het aan Hom en Hom begin volg het. Ek het dadelik sekere veranderinge in my lewe begin waarneem – soos vrede wat ek nie voorheen geken het nie asook 'n nuwe hoop vir die lewe. Ek het geweet ek was 'n nuwe persoon en ek het 'n sekerheid gekry dat indien ek sou sterf, ek OK met God is. My lewe het begin verander van daardie oomblik af."*

**VERDUIDELIKING:**

| | |
|---|---|
| **Hierdie persoon begin sy getuienis, deur te praat van sy lewe voordat hy 'n Christen geword het.** | *Ek het groot geword in 'n gesin wat aanvaar het hulle is Christene, en soos ek groot geword het, het ek ook aanvaar ek is maar 'n Christen. Later het ek egter anders begin dink.* |
| **Daarna verduidelik die persoon hoe hy besef het dat hy Jesus nodig het.** | *Ek het 'n groep studente ontmoet wat hul lewens totaal anders as ek gelewe het. Ek het ook kerk toe gegaan soos hulle, maar hulle het nie so baie oor kerk en godsdiens gepraat soos wat hulle oor 'n verhouding met God gepraat het wat deur die persoon Jesus Christus verkry kan word nie. My en hulle prentjie van Christenskap het verskil van mekaar.*<br><br>*Ek het begin ondersoek instel deur saam met hulle kerk toe te gaan asook na ander aktiwiteite waaraan hulle deelgeneem het, sodat ek meer kon leer waarvan hulle praat.* |
| **Volgende vertel hy hoe hy 'n Christen geword het. Let op dat hy 'n eenvoudige voorbeeld gebruik het om die evangelie te verduidelik.** | *Daar het ek begin leer wat die evangelie is – die goeie nuus van wat Jesus vir ons gedoen het en wat ons nie vir onsself kan doen nie. Hy het gesterf om te betaal vir die straf wat betaal moes word vir my eie sonde. Ek het geleer dat ek 'n nuwe lewe en verhouding met God kon hê deur Jesus aan te neem. Ek het op 'n plek gekom waar ek my lewe oorgegee het aan Hom en Hom begin volg het.* |
| **Laastens beskryf hy hoe sy lewe verander het sedert hy 'n Christen geword het.** | *Ek het dadelik sekere veranderinge in my lewe begin waarneem – soos vrede wat ek nie voorheen geken het nie asook 'n nuwe hoop vir die lewe. Ek het geweet ek was 'n nuwe persoon en ek het 'n sekerheid gekry dat indien ek sou sterf, ek OK met God is. My lewe het begin verander van daardie oomblik af.* |

## Wenke vir Getuienis

- Organiseer jou getuienis rondom hierdie eenvoudige riglyn. Jy kan kies om die riglyn aan te pas indien jy ʼn sekere gedeelte wil beklemtoon.


1. **Hoe was my lewe VOORDAT ek Jesus Christus ontmoet het?**
    - Dink aan algemene omstandighede en uitdagings waarmee ander mense sal kan vereenselwig.
    - Jy hoef nie 'n skandaal, buitengewone of sensasionele storie te hê nie – dink net wat is die algemene omstandighede waarmee ongelowiges sal kan identifiseer.
    - Watter gesindhede en oortuigings het jy gehad waarmee 'n ongelowige sal kan identifiseer?
    - Wat was op daardie stadium die belangrikste vir jou gewees?
    - Wat was die plaasvervanging vir God op daardie stadium in jou lewe?
        - Miskien het jy sin vir die lewe probeer vind in sport, fiksheid, sukses, seks, geld, dwelms of gewildheid.

2. **Hoe het ek BESEF ek het Jesus Christus nodig?**
    - Watter stappe het gelei tot jou bekering?
    - Watter omstandighede het jou laat besef jy het 'n gat in jou hart of daar kort iets meer in jou lewe?
    - Watter behoeftes, seer of probleme het jou ontevrede en leeg laat voel?
    - Hoe het God jou aandag getrek? Wat het jou gemotiveer?

3. **Hoe het ek my lewe OORGEGEE aan Jesus Christus?**
    - Watter presiese stappe het jy gevolg?
    - Wat presies het jy gedoen om jou lewe oor te gee?
    - Waar het jy dit gedoen?
    - Wanneer het dit gebeur?
        - Jy hoef nie 'n presiese datum te hê nie.
    - Wat het jy gebid in jou gebed?
    - *Wees spesifiek in hierdie gedeelte omdat die persoon wat jou storie hoor dalk geen verwysing het van wat om te doen nie.*

4. **Veranderinge SEDERT ek ʼn Christen geword het.**
    - Hierdie is die belangrikste van al vier die stappe.
    - Beklemtoon hoekom jy glo Jesus is werklik en relevant tot jou lewe.
    - Watter voordele het jy beleef sedert jou oorgawe?
    - Watter probleme is opgelos as gevolg van jou keuse?
    - Hoe het Jesus jou vir die beter verander?
        - Gee konkrete voorbeelde van die veranderinge in jou lewe.
        - Hoe meer spesifiek jy is, hoe meer dinamies sal jou storie wees.
    - Hoe het dit jou verhoudings met ander mense gehelp?
        - Gee dalk 'n spesifieke voorbeeld.

- Spandeer die meeste van jou storie se tyd op deel 4 – nie deel 1 nie. Moenie die sondes waarmee jy besig was voor bekering oordryf nie. Die meeste mense gee nie om hoe groot sondaar jy was nie. Sien die 4 stappe soos 'n piramide. Stap 1 is die bokant en stap 4 is die onderkant – allokeer die hoeveelheid tyd daarvolgens.



- Skryf jou getuienis neer soos jy natuurlik praat. Dit is nie ’n voordrag of ’n preek nie. Wanneer jy dit neerskryf, besluit jy dalk om dit anders te sê. Jy kan vir die res van jou lewe daaraan skaaf. Wanneer jy dit neerskryf, moenie vrae beantwoord wat mense nie vra nie. Soms sal mense iets sê soos – *ek moes toe aan myself bewys dat daar 'n God is* – die meeste mense het nie 'n probleem dat daar 'n God is nie.

- Indien jy kies om versies aan te haal, gebruik net een of twee wat verband hou met die kernpunt van jou storie en wat nie verduidelik hoef te word ten einde begryp te word nie. Jy kan selfs die versie parafraseer deur algemene terme te gebruik eerder as om direk aan te haal. Onthou hierdie is nie 'n preek nie, maar jou persoonlike storie.

- Onthou dat die meeste mense met wie jy in aanraking kom vir jou sal sê dat hulle in God glo. Dit is dus belangrik dat jy oor Jesus sal praat – *Ek het Jesus vertrou of Jesus begin volg*. Dit is belangrik dat mense besef dit is geloof in 'n Persoon, eerder as om ’n algemene geloof in God te hê.

- Gebruik persoonlike voornaamwoorde – ek, my, myne – dit gaan oor my en nie oor hulle nie.

- **Spesiale gevalle:**

  1. Ek het as kind 'n Christen geword, maar het weggedraai van die Here of ek het nie gegroei totdat ek 'n nuwe toewyding gemaak het nie.

     - In hierdie gevalle gebruik jy dieselfde 4 stappe, maar jy begin net waar jy was voordat jy die nuwe toewyding gemaak het.
     - Gee 'n paar voorbeelde van hoe jy probeer het om jou eie behoeftes te bevredig sonder Jesus en hoe dit nie gewerk het nie.
     - Beskryf wat jou laat besef het dat jy Jesus nodig het om jou te lei in jou lewe en hoe jy 'n totale toewyding aan Hom gemaak het.
     - Verduidelik hoe Jesus tans die diepste behoeftes van jou lewe bevredig.

  2. Ek het as kind 'n Christen geword en het nie afgedwaal nie.

     - Gebruik dieselfde 4 stappe met die volgende aanpassings:
     - Verwys na jou waarneming van 'n diep behoefte of 'n algemene probleem wat ander mense probeer oplos.
     - Verduidelik hoe onsuksesvol hulle eie pogings is om dit reg te kry.
     - Verduidelik dan hoekom jy nooit daardie probleem in jou lewe ervaar het nie, omdat jy Jesus al op 'n jong ouderdom gevolg het en vertrou het.
       - Byvoorbeeld: “*Ek het nooit deur ________________ gegaan nie*.”
     - Moenie die presiese ouderdom gee wanneer jy tot bekering gekom het nie. As jy sê jy was 21 jaar oud gewees, gaan die 17 jarige dink, wel ek het nog 4 jaar voordat ek 'n toewyding hoef te maak. Aan die anderkant as jy sê jy was 9 jaar oud, kan hulle dink, jy was net 'n kind en het nie regtig geweet wat jy doen nie. Die ouderdom maak nie saak nie. Wat werklik saak maak is die verandering wat dit gemaak het in jou lewe.

## Tydelike Weergawe

**Voordat ek 'n Christen geword het:**

**Hoe ek besef het, ek het Jesus nodig**

**Hoe ek 'n Christen geword het:**

**Sedert ek 'n Christen geword het:**

## Finale Weergawe

**Voordat ek 'n Christen geword het:**

**Hoe ek besef het, ek het Jesus nodig**

**Hoe ek 'n Christen geword het:**

**Sedert ek 'n Christen geword het:**

# 5. GEVAAR ELEMENTE

Miskien werk jy saam met mense wat nie die Here ken nie of jy het vriende wat nie die Here ken nie. Veronderstel jy het 'n gesprek met een van hierdie persone en hulle maak die deur vir geestelike dinge wawyd oop deur te vra: "Ek weet jy glo in God, maar hoekom is dit vir jou so belangrik? Hoekom leef jy so? Hoekom glo jy in Hom?"

Hoe jy in daardie volgende paar sekondes reageer, kan baie keer 'n maak of breek situasie wees vir daardie persoon se geestelike reis. Dit is in daardie oomblik waar jy die geleentheid het om jou storie te vertel en as jou storie nie mooi agtermekaar is nie, het jy heel moontlik 'n geleentheid gemis om jou hoop te deel.

Paulus sê:

*"Maak die beste gebruik van elke geleentheid."*
**Kolossense 4:5**

In die vorige gedeelte het jy begin om jou eie storie – jou getuienis – neer te skryf. Die gevaar is baie keer dat ons stories soveel elemente bevat en ons wil so baie dinge sê, dat ons nie die geleenthede wat oor ons pad kom om ons storie te vertel, effektief gebruik nie. Ons moet onthou dat wanneer daar 'n geleentheid kom om ons storie aan 'n ongelowige te deel, dit 'n invloed op daardie persoon se ewigheid kan hê. Ons moet dus seker maak ons storie voldoen aan 'n paar vereistes.

Lees weer deur jou getuienis en kyk dan of daar enige van die volgende, gevaarlike elemente in jou storie te vind is. Maak dan die nodige aanpassings:

### Gevaar Element 1: Langdradig

Hou die persone aan wie jy jou storie vertel dop. As hulle liggaamstaal begin sê jy verveel my, het jy dit nie reg gedoen nie. Hou jou storie kort en laat die persoon toe om 'n paar opvolgvrae vir jou te vra. Laat jou storie by hulle 'n verlange skep vir meer. Vertrou God om 'n gesprek oop te breek indien jy iets addisioneel tot jou storie moet sê. Moenie fokus op te veel detail nie. Moenie allerlei afdraaipaadjies hê nie – kom tot die punt.

## Gevaar Element 2: Vaag

Baie mense se stories het te veel persone en seminare en kerkdienste as 'n beskrywing, en die persoon wat na die storie moet luister, kan later nie meer tred hou met wat die eintlike storielyn is nie. Hou jou storie eenvoudig met een duidelike storielyn wat die hart van jou geestelike reis bevat. Vermy datums, name en ouderdomme. Dit beteken nie veel vir die mense met wie jy jou storie deel nie.

### Gevaar Element 3: Groot, Christelike Woorde

Woorde soos "verlossing", "wedergeboorte", "Here en Verlosser", beteken nie baie vir mense wat nie vir Jesus volg nie en kommunikeer nie altyd wat jy bedoel vir 'n persoon wat nie daarmee bekend is nie.
Baie keer maak ons stories sin vir mense wat in die kerk is, maar nie vir mense wat geen agtergrond van kerk en God het nie. Dit vat baie werk om algemene Christelike terme te verander in jou storie, maar dit is die moeite werd. Jy sal graag by 'n ongelowige wil hoor: "Ek het alles verstaan wat jy gesê het." Kyk onderaan vir die "vertaling" van sekere godsdienstige woorde en frases om te vermy.*

## Gevaar Element 4: Meerderwaardig

Die gevaar is dat ons storie baie keer vrome stellings en hoogmoedige aannames bevat. Hierdie tipe elemente in ʼn storie skep die idee dat ons nie vir die ander persoon omgee nie, maar eintlik dink ons is belangriker as hulle of dat hulle een of ander projek in ons lewens geword het. Vermy dit om neerhalend oor enige kerk, denominasie of Christelike groep te praat. Moenie negatiewe opmerkings oor 'n ander persoon se geloof maak nie. Jy hoef ook nie te noem wanneer jy uit 'n ander geloof, denominasie of kerk gekom het nie. Moenie neerhalend teenoor hulle praat en heiliger as hulle klink nie.

Ons moet nooit die idee skep dat ons die mense is wat ons lewens agtermekaar het en die ander persoon is die arme, verlore persoon met swak standaarde nie. Daar is niks soos hoogmoed en meerderwaardigheid wat maak dat mense afgesit word van die dinge van God nie. Vermy dit om ʼn valse indruk te skep dat die Christelike lewe sonder probleme is. Wees eerlik oor die uitdagings wat jy nog steeds beleef sedert jy 'n Christen geword het. Jou lewe is nie perfek nie. Moenie impliseer dat al jou probleme weg is toe jy 'n Christen geword het nie – niemand gaan dit glo nie.

## Gevaar Element 5: Misties en Dramaties

Jy hoef nie jou storie te dramatiseer nie – jy is nie besig om op te tree nie. Jy vertel van iets wat werklik in jou lewe gebeur het. Wees net jouself. Vra jouself af of jou getuienis op ʼn persoonlike vlak met iemand sal aanklank vind. Verwys na algemene ervarings waarmee die meeste mense kan vereenselwig. Indien jy 'n terroris of 'n reeks moordenaar was, gaan min mense daarmee kan vereenselwig. Indien jy 'n probleem in skool of in jou huwelik of in jou finansies gehad het, kan die meeste mense daarmee vereenselwig. Vermy die mistiese ervarings wat jy dalk beleef het – drome, visioene, vreemde ervarings, stemme, ens. Vir 'n ongeredde persoon, skep daardie dinge dalk meer verwarring en bring dit eerder afstand as 'n brug vir die goeie nuus. Praat net van dinge op hulle vlak wat hulle kan begryp en waarmee hulle kan vereenselwig.

Jy kan selfs humor gebruik in jou getuienis – nie grappe nie – net dinge wat dit lig hou en die persone wat dit hoor sal laat sê – ja, ek het dit ook al ervaar; ek was ook al daar.

Wanneer jy aan jou storie dink moet dit wees soos byvoorbeeld wanneer jy ʼn persoon, wat jy omtrent ses maande laas gesien het, in die winkels raakloop en jy sien dat sy baie gewig verloor het. Een van die eerste dinge wat jy gaan sê is, “Jy lyk wonderlik! Wat het jy gedoen om so baie gewig te verloor?” In daardie oomblik wil jy nie ʼn langdradige en vae storie hoor van seminare en mense wat hulle gesien het en wil jy nie sukkel om by te bly met wat hulle eintlik gedoen het nie. Jy wil nie ʼn klomp groot wetenskaplike terme hoor van wat hier gebeur het of enigsins die idee kry dat hierdie persoon nou dink sy is beter as jy omdat hulle so baie gewig verloor het en jy nog steeds sukkel met jou gewig nie.

In daardie oomblik wil jy in ʼn kort storie hoor van hoe oorgewig hulle was, hoe hulle besef het dit kan nie so aangaan nie, wat hulle gedoen het of begin doen het om anders te lewe en watter impak dit tans in hulle lewe maak. Jy wil iets hoor soos: “Ek kon net nie meer vir myself in die spieël kyk nie en het besluit ek moet nou iets doen. Ek het by 'n gym aangesluit en saam met ʼn persoonlike afrigter begin oefen. Ek het oor die laaste ses maande 20kg verloor en ek voel wonderlik. Ek het meer energie en meer selfvertroue as ooit!” Só ʼn storie trek jou aandag en maak dat jy nog meer wil weet oor hulle keuse en lewenstyl.

Dieselfde beginsels geld vir ons getuienisse. Dink aan die persoon in Johannes 9 wat blind was en wie Jesus genees het. Sy storie was – ek was blind, maar nou kan ek sien. Dink aan die vrou in Johannes 8 wat in owerspel betrap is en ʼn ontmoeting met Jesus gehad het. Haar storie was heel moontlik iets soos: “Ek het op ʼn stadium ʼn verskriklike laagtepunt in my lewe beleef en was oorweldig deur skuldgevoelens. Ek is gevang in ʼn baie vernederende situasie en my spyt het my byna versmoor. Ek het toe vir Jesus ontmoet en Hy het my ʼn nuwe begin gegee. Hy het my nie veroordeel nie. Hy was genadig teenoor my.” Sy het dit heel moontlik oor en oor vir verskillende mense vertel.

Dink aan die storie wat Saggeus vertel het na dít wat in Lukas 19 gebeur het. Iets soos: "Ek was vasgevang in ʼn patroon waar my hele lewe oor geld gegaan het. Die greep van geldgierigheid was so sterk dat ek net nie kon loskom nie. Dit het elke verhouding wat ek gehad het verwoes, maar toe ontmoet ek vir Jesus. Hy het my vrygemaak van die greep van geldgierigheid. Hy het my geleer hoe om werklik om te gee vir mense, veral die armes. Dit is wat Jesus vir my gedoen het. Hy het my gehelp loskom van ongesonde gewoontes en in ʼn nuwe rigting gestuur."

Neem jou getuienis en lees weer daardeur. Kyk of jy enige van die 5 Gevaar Elemente optel en maak die nodige veranderings. Wat is die een goue storielyn van jou geestelike reis? Kom dit duidelik in jou storie uit? Kyk of jy nou jou storie in ʼn 100 of minder woorde kan skryf. Dit sal verseker dat jy al die verskillende gevaar elemente kan uithaal en dit sal jou help om jou storie te kan deel in die oomblikke nadat iemand jou uitvra oor jou geloof. Die storie hierbo van die man wat blind was in Johannes 9, is 8 woorde. Die storie van die vrou in Johannes 8, is 57 woorde. Die storie van Saggeus, is 89 woorde. Jy kan dit doen! Die krag van jou eie storie kan maak dat mense se ewigheid in ʼn nuwe rigting gestuur word. Wanneer jy jou persoonlike geloofstorie mooi geskaaf en geskuur het, sal jy verbaas wees oor die krag van jou eie storie. Wanneer jy jou eie storie in opregtheid met ander deel, sal jy die bonatuurlike werk van God sien soos God dit vir sy eer, en tot die voordeel van dié wat luister, gebruik.

**Probeer jou storie in ʼn 100 woorde of minder neerskryf en deel dit dan met iemand.**

## *Vertaling van sekere Christelike terme:

| CHRISTELIKE TERM | WANNEER JY MET ONGELOWIGES PRAAT | VERDUIDELIKING |
|---|---|---|
| Geseënd | Gelukkig | Moenie die term "geseënd" gebruik nie. Wat beteken dit? Kan iemand 'n seëning beskryf? Sê eerder net ek is gelukkig. |
| Ek is wedergebore | Ek is 'n vars of nuwe begin gegee | As jy praat van wedergeboorte, kan sommiges dalk dink aan reïnkarnasie. |
| Ek is gered | My lewe het op daardie oomblik verander | As jy praat van ek is gered, kan sommiges dalk dink aan verdrinking. |
| Jesus is my Here | Hy is my Bestuurder/"CEO"/<br>Hy is die Een in beheer<br>Hy is die Een in die bestuurder sitplek | Baie mense weet nie wat die term HERE beteken nie. Ons leef in 'n demokratiese sisteem en nie 'n feodale sisteem nie. Ons het die Here en Dames, Konings en Koninginne, Grave en Vasalle en dienaars nie. |

| | | |
|---|---|---|
| Ek het bekeer | Ek het van gedagte verander<br>Ek het 'n U-draai gemaak | Ongelowiges kan dalk dink aan 'n persoon wat 'n bord vashou wat sê, "draai of braai" of dit gaan net nie sin maak nie, omdat dit nie 'n woord is wat elke dag gebruik word nie. Gebruik eerder die term, ek het van gedagte verander of my denke verander, omdat dit die betekenis van die Griekse woord vir bekeer ("metanoia") beteken. |
| Ek het gesondig | Ek het droog gemaak | |
| Almal is sondaars | Niemand is perfek nie | Moenie eers sê, "ek het gesondig" nie want almal definieer sonde anders. Wat mense dink is reg en verkeerd gaan verskil as gevolg van hulle oortuigings. |
| Die Here het my oortuig | Ek het besef | Ongelowiges gaan nie verstaan hoe die Here dit doen en wat dit beteken nie. |

## Frases om te vermy in getuienisse aan ongelowiges:

- "Ek prys die Here vir..."
- "Nou is ek so geseënd."
- "Halleluja"
- "Amen"
- "Die Here het my oortuig."
- "Die Here het dit op my hart gedruk."
- "Ek voel geroepe."

# 6. MEER AS EEN STORIE

Mense kom tot bekering op verskillende maniere en as gevolg van verskillende redes. Dit wat mense laat besef het hulle het Jesus nodig, verskil van mekaar. Sommige se probleem was woede. Ander se probleem was skuldgevoel en geen vrede. Ander weer het bekommernisse en angs gehad. Ander het net 'n groter doel in die lewe gesoek of finansiële probleme gehad of huweliksprobleme of uitbranding. Die lys van probleme wat hulle laat soek het na meer, is lank en persone se stories verskil van mekaar. Jou storie kan dalk aansluit by een van hierdie temas.

Dit is belangrik dat jou storie een sentrale tema het wat regdeur die storie loop van begin tot einde. Dit maak dat mense maklik kan vereenselwig met wat jy sê indien hulle deur dieselfde uitdagings en probleme gaan. Hulle soek dalk ook al lank na 'n antwoord vir dieselfde uitdaging en het dalk al baie dinge probeer om dit beter te maak, maar het nog geen uitkoms gekry nie. Indien hulle hoor dat Jesus jou daarmee gehelp het, skep dit dalk in hulle die nuuskierigheid om meer ondersoek in te stel of Jesus nie dalk ook vir hulle kan help nie.

Jy het nou al jou storie deur 'n paar filters gesit en al 'n paar keer daaraan geskuur en skaaf. Lees weer deur jou storie en kyk of jy 'n sentrale tema kan identifiseer.

**Wat was die een probleem of uitdaging voor jy 'n Christen geword het? Wat was die uitwerking daarvan in jou lewe?**

---

---

---

**Hoe het hierdie probleem of die uitwerking daarvan jou laat besef jy het Jesus nodig?**

---

---

---

**Hoe is hierdie probleem of uitdaging opgelos of verbeter nadat jy 'n Christen geword het? Hoe het die uitwerking daarvan verander?**

---

---

---

As ons hierdie sentrale tema in gedagte hou, besef ons dat ons eintlik verskeie stories het om te vertel. Ja ons het 'n primêre getuienis van hoe ons tot bekering gekom het, maar ons kan ook ander getuienisse begin deel van hoe God ons lewe in ander areas kom verander het – wat die probleem was, die uitwerking daarvan en hoe God dit kom verander het.

Was jy al ooit teleurgesteld? Hê 'n teleurstelling getuienis. Het jy al ooit onseker gevoel? Hê 'n onsekerheid getuienis. Het jy al ooit spyt gevoel oor dinge wat jy gedoen en gesê het? Het jy al ooit ontevrede gevoel en gedink daar moet meer wees? Was jy ooit angstig en gekonfronteer met baie vrese? Hê getuienisse daaroor. Indien jy op hierdie manier voorberei, kan jy dalk in 'n gesprek met iemand wees en wanneer hulle een van hierdie temas aanraak, het jy 'n getuienis om te deel oor die hoop wat God gebring het in daardie situasie. Dit kan dalk net die hoop wees wat nodig is vir hulle om 'n tree te gee in Jesus se rigting.

**Skryf dalk 'n paar temas neer wat jy al in jou lewe ervaar het en begin dink aan 'n getuienis vir elkeen.**

Die waarhede wat God vir jou geleer het uit ervarings saam met Hom, vorm ook deel van jou storie. Daar is lesse en insigte wat jy bekom het oor God, verhoudings, probleme, versoekings en ander aspekte van jou lewe. Dit is wys om uit ervarings te leer, maar dit is selfs wyser om uit die ervarings van ander mense te leer en jou lewe het die potensiaal om ander mense op daardie manier te help. Die lesse wat jy geleer het, kan 'n brug bou na mense wat deur dieselfde ervarings gaan.

**Skryf die groot lewenslesse wat jy geleer het sodat jy dit met ander kan deel. Hier is 'n paar vrae om jou in die proses te help:**

- **Wat het God my geleer as gevolg van teleurstelling?**
- **Wat het God my geleer toe ek min geld gehad het?**
- **Wat het God my geleer uit hartseer en depressie?**
- **Wat het God my geleer deurdat ek moes wag?**
- **Wat het God my geleer deur 'n siekte?**
- **Wat het God my geleer deur mislukking?**
- **Wat het ek geleer van my familie, my kerk, my verhoudings, my kleingroep, die mense wat my kritiseer?**

Uit hierdie lewenslesse kan jy 'n kort getuienis gee en soos jy met mense 'n vriendskap bou en waardeur hulle tans in hulle lewe gaan, kan daar ooreenkomste wees met dinge waardeur jy reeds gegaan het en waar jy waardevolle lewenslesse geleer het. Deel jou lesse met daardie persone en maak miskien 'n stelling aan die einde van jou storie. Miskien iets soos: "As jy meer sou wou weet oor hierdie God wat my gehelp het in my soortgelyke situasie, laat weet my. Ek sal graag met jou oor Hom wil gesels."

**Dink vir 'n oomblik aan die mense by jou werk, jou vriende of jou familie wat deur sekere ervarings tans gaan. Wie van hierdie persone gaan tans deur soortgelyke dinge? Skryf hulle name neer. Hoe kan jy hulle op die oomblik ondersteun? Skryf 'n paar idees neer en probeer dit hierdie week.**

## Identifiseer temas in my lewe vir my getuienis:

Gebruik die volgende lys om jou te help om temas in jou lewe te identifiseer wat jy as 'n sentrale tema in jou getuienis kan inbou:

| **My Lewe <u>voor</u> Christus** | **My lewe <u>saam</u> met Christus** |
|---|---|
| Bekommernisse en Angstigheid | Vrede |
| Skuldgevoel en Skaamte | Vergifnis |
| Woede en Humeur | Selfbeheersing, geduld en liefde |
| Leegheid / Geen doel | Doel in die lewe |
| Rou | Omgee en vreugde |
| Stres en Uitbranding | Krag om aan te gaan en te lewe |
| Lae Selfbeeld | Waardigheid vir God |
| Swak Gesondheid | Krag om bo dit uit te styg |
| Teleurstelling | Vertroue in God se goeie planne |
| Onsekerheid | Selfvertroue en versekering |
| Spyt | 'n Tweede kans op die lewe |
| Onvergenoegd / Altyd besig | Tevrede / Vergenoegd / Vrede |
| Vrese | Geloof om my vrese aan te pak |
| Alleenheid | God is altyd by my |
| Verslawings / Slegte Gewoontes | Krag om te verander |
| Self-gesentreerd | Liefde vir ander |
| Mismoedigheid / Depressie | Hoop vir die lewe |
| Goedkoop en tydelike opwinding | Egte en permanente vreugde |
| Ongemotiveerd / Verveeld | Avontuur saam met God |
| Vrees vir dood | Oortuiging van die Hemel |
| “Iets het ontbreek” | Ervaring van vervulling |
| Bitterheid en Verwyt | Vryheid van die verlede |
| Pyn van verwerping | God se onvoorwaardelike liefde |
| Huweliksprobleme | Veranderinge in my huwelik |
| Finansiële Probleme | Veranderinge in my finansies |
| Besigheidsprobleme | Veranderinge in my besigheid |

## Opsomming van dinge wat jy moet onthou as jy jou getuienis voorberei:

- Bid en vra dat die Here jou die regte woorde sal gee.
- Skryf dit neer op papier. God eer ons voorbereiding.
- Hou dit kort en gefokus. Moenie vergeet wat jou doel is nie.
- Wees bondig. Vermy buitensporige en onnodige details.
- Probeer dit onder 3 minute hou.
- Verwys na ervarings wat die meeste mense in gemeen het.
- Deel 'n deel van jou lewe ('n storie) waarmee hulle kan vereenselwig.
- Wees eerlik oor die dinge waarmee jy nog sukkel. Jou lewe is nie perfek nie.
- Moenie sinspeel dat al jou probleme opgelos is met bekering nie.
- Spandeer die meeste tyd op die verskil wat dit in jou lewe gemaak het.
- Beklemtoon hoekom jy Jesus aangeneem het (die voordele wat dit vir jou inhou).
- Noem die voordeel dat jy seker is waarheen jy gaan as jy dood gaan.
- Moenie spog of oordryf oor jou sondes voor bekering nie.
- Moenie negatiewe opmerkings maak oor ander gelowe of mense nie.
- Moenie enige denominasie noem nie.
- Moenie te veel Skrif aanhaal nie.
- Moenie vrae beantwoord wat hulle nie vra nie.
- Gee konkrete voorbeelde van die veranderinge in jou lewe.
- Hoe meer spesifiek jy is, hoe meer dinamies sal dit wees.
- Probeer om datums, name en ouderdomme te vermy. Dit maak nie vir hulle saak nie.
- Wees voorbereid. Oefen dit totdat dit natuurlik voel en klink.
- Lees dit hardop en maak aanpassings totdat dit voel soos 'n gesprek eerder as 'n voordrag.
- Laat 'n vriend dit lees en voorstelle maak.
- Praat gemaklik en informeel.
- Moenie jou storie versier en dramatiseer nie.
- Moenie mistiese ervarings deel nie. Deel op hulle vlak – nie joune nie.
- Moenie neerkyk op mense nie. Moenie prekerig klink nie.
- Gebruik persoonlike voornaamwoorde – ek, my, myne – nie jou. Dit gaan oor jou, nie hulle nie.
- Gebruik humor. Dit verminder die spanning. Glimlag!
- Kies 'n sentrale tema.

## Nog Wenke om jou Getuienis effektief te deel:

1. **Deurdink dit wat jy wil sê**
   *Kolossense 4:6  Wat julle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig; en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord.*

   *Spreuke 16:23  'n Wyse mens praat verstandig en kies sy woorde so dat hy ander kan leer.*

2. **Vra die Here om jou te help om die regte woorde te kies**
   *Efesiërs 6:19  Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak.*

3. **Wys liefde**
   *1 Korintiërs 13:1  Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword.*

4. **Wees positief en aangenaam**
   *Spreuke 16:21  'n Mens wat met wysheid bedeel is, word verstandig genoem, en as hy sy woorde reg kies, kan hy ook ander leer.*

   *Kolossense 4:5(DB)  As julle met mense te doen kry wat nie Christene is nie, moet julle julle veral goed gedra. Gebruik elke oomblik om 'n positiewe invloed op hulle uit te oefen.*

   *Spreuke 12:25  Bekommernis druk 'n mens neer; 'n vriendelike woord vrolik hom op.*

5. **Moenie mense sleg sê**
   *Kolossense 4:6  Wat julle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig; en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord.*

6. **Vertel stories en gee voorbeelde**
   *Matteus 13:34(DB)  So het Jesus die een verhaal na die ander vertel.*

7. **Wees gemaklik**
   *Luk 7:34*

8. **Wees jouself en natuurlik. Moenie geestelike probeer klink nie**
   *1 Korintiërs 2:1(DB)  Toe ek julle van God se wonderlike planne kom vertel het, het ek nie met lang stories wat mooi klink of ingewikkelde redenasies gekom nie.*

   *Titus 2:8(DB)  Maak God se wil op die regte manier bekend. Tree altyd met integriteit op...*

9. **Wees weerbaar en opreg**
   *1 Tessalonisense 2:8  So geheg is ons aan julle dat ons nie net die evangelie van God aan julle gegee het nie, maar ook ons lewe vir julle sou wou gee, want ons het julle lief gekry.*

   *2 Korintiërs 6:11  Ons het openhartig met julle gepraat, Korintiërs. Ons harte is vir julle wyd oop.*

   *Filippense 1:27(NLV)  Hoofsaak is dat julle leefstyl moet pas by die Goeie Nuus van Christus...*

**10. Memoriseer 'n paar sleutel verse**

*2 Timoteus 2:15(NLV)  Wees 'n goeie werker...iemand wat die woord van die waarheid reg verduidelik.*

**11. Hou dit eenvoudig**

*2 Corinthians 11:3(AMP)  But I am afraid...your minds may be corrupted and led away from the simplicity of [your sincere and] pure devotion to Christ.*

**12. Onthou, die Heilige Gees gebruik jou woorde**

*1 Tessalonisense 1:5  want die evangelie wat ons aan julle verkondig het, het nie bloot met woorde tot julle gekom nie, maar ook met krag en deur die Heilige Gees en met volle oortuiging.*

# Deel 3:

# Hoe om 'n Gesprek met iemand te hê?

# 7. IS JY BEREID?

Tot dusver het ons geleer oor hoekom ons met mense oor die Here Jesus moet gesels en hoe om jou getuienis(se) saam te stel. Maar dit is belangrik dat ons ons eie harte sal ondersoek om te bepaal of dit wel iets is wat ons sal wil doen. Wil jy met ander mense oor die Here Jesus gesels? Is jy bereid om dit te doen? Dink *jy* dit is nog nodig? Vind jy dat jy dalk skaam of bang is om oor die Here Jesus te gesels? Is dit 'n gesprek wat ons moet inisieer of is dit iets waarvoor ons net moet wag? Wie is die persone met wie ons moet gesels? Hierdie is alles belangrike vrae om te oorweeg.

Hoor watter vrae vra Paulus:

*"Jy kan nie die Here vra om jou te help as jy nog nie eens weet wie Hy is nie. En hoe kan jy weet wie Hy is as jy nog nooit van Hom gehoor het nie? En hoe kan mense van Hom hoor as daar niemand is om hulle van Hom te vertel nie?"*
**Romeine 10:14 (DB)**

*"Ek is glad nie skaam om die goeie nuus oor Jesus Christus bekend te maak nie. God se groot krag is aan die werk op elke plek waar hierdie boodskap verkondig word. Hy red elkeen wat dit glo, Jode en nie-Jode. God se goedheid word sigbaar oral waar mense met hulle hele lewe op Hom vertrou."*
**Romeine 1:16 (DB)**

Jesus se hart is dat ons die missie wat Hy vir ons gegee het om te gaan, ernstig sal opneem. Romeine 10:14 vra die vraag: hoe is dit moontlik om Jesus aan te neem as Here en Hom te vertrou as Redder en Verlosser as jy nog nooit van Hom gehoor het nie? En die ander vraag: hoe kan mense hoor indien niemand vir hulle vertel nie? Dit is retoriese vrae want die antwoord is duidelik dat niemand kan glo sonder dat hulle gehoor het en niemand sal weet indien niemand vertel, getuig, of gepreek het oor Jesus nie.

In die volgende paar afdelings gaan ons kyk hoe ons vir mense van Jesus kan vertel en hoe ons op die uitkyk vir geleenthede kan wees om mense van Jesus te vertel. Maar voordat ons die nodige bekwaamhede aanleer oor hoe om dit te doen, is dit dalk belangrik dat ons eers ons harte oor die saak toets.

**Selfs al het jy nog nooit met iemand oor Jesus gepraat nie, sou jy wou? Vind jy dat jou hart 'n groter begeerte ontwikkel om Jesus bekend te maak aan ander mense? Skryf jou eerlike gedagtes hier neer.**

Romeine 1:16 maak dit weer duidelik dat die evangelie – die goeie nuus van Jesus Christus – vol krag is om mense se lewens te verander. Dit het die krag om verlossing en vryheid van sondes, slegte gewoontes, skuldgevoel en foute in die verlede te bewerk. Dit het die krag om huwelike te herstel en verhoudings tussen ouers en kinders te herstel. Dit het krag om ons uitkyk, reaksies, optrede en lewenswyse te verander. Dit het die krag om ons ewigheid te verander. "*God se goedheid word sigbaar ORAL waar mense met hulle lewe op Hom vertrou.*"

Dink vir 'n oomblik terug aan jou eie lewe. Waar was jy voordat jy die evangelie van Jesus aanvaar het? Waar dink jy sou jy gewees het as jy nie Jesus aangeneem het as Here nie? Hoe het jou lewe verander vandat jy Jesus aangeneem het? Het jy al ooit die ooreenkoms tussen jou lewe wat verander het, en die krag van die evangelie gesien? Paulus maak dit duidelik in Romeine 1:16 dat hy nie skaam is oor die evangelie nie, want hy is diep oortuig daarvan dat dit krag het om mense se lewens te verander. En, as gevolg van sy oortuiging, het hy vir almal van Jesus vertel waar hy ook al gekom het, maak nie saak wat die gevolge was nie. Die diepte van my en jou oortuiging oor die krag van die evangelie is baie keer die bepalende faktor of ons die evangelie met ander mense deel of wil deel.

**Dink vir 'n oomblik oor die volgende vrae: Glo jy regtig die evangelie het krag om mense se lewens te verander? Glo jy regtig die evangelie is hoop vir mense wie se lewens uitmekaar val? Glo jy regtig die evangelie kan die mense om jou se lewens en toekoms herstel? Skryf jou eerlike oortuigings op hierdie stadium neer.**

**Lees weer Romeine 1:16 en 10:14. Hoe sal jy oor hierdie versies bid tot ons liefdevolle Vader? Soms wil ons nie hê wat God wil hê nie, en die enigste manier om ons harte te verander dat ons sal wil hê wat God wil hê, is om vir God te vra om ons harte te verander. God aanvaar sulke nederige gebede. Neem 'n paar minute en skryf 'n gebed vir God neer oor die huidige toestand van jou hart ten einde 'n lewe van missie te leef.**

# 8. VIS IN JOU DAM

*"[Jesus] sê vir hulle: "Volg My, en Ek sal julle vissers van mense maak!""*

**Matteus 4:19 (AFR20)**

Hierdie was Jesus se woorde aan sy dissipels toe Hy hulle uitnooi om sy dissipels te word. Om te volg en te vis gaan saam – *Volgelinge Vis.* Indien jy nie vis nie, beteken dit jy volg nie want Jesus het gesê dit is wie ons sal wees as ons Hom volg. As jy nie vis vir mense nie, as jy nie besig is met een of ander uitreik nie, is jy nie besig om Jesus te volg nie.

Om te evangeliseer is nie soos jag nie, dit is soos visvang. Jag is nie die beste model vir getuig nie. Om teenoor ander mense te getuig is nie soos 'n verkoopsman nie, maar om mense voor te stel aan Jesus sodat hulle ook lief kan raak vir Hom. Jesus is alreeds lief vir hulle, maar Hy wil hê dat hulle ook vir Hom lief sal wees. Daar is 'n paar kontraste wat ons kan trek tussen jag en visvang:

| **Jag** | **Visvang** |
|---|---|
| Aggressief | Sagter |
| Gebaseer op konfrontasie | Gebaseer op aantrekking |
| "Gaan uit en skiet hulle" | "Kry hulle om aan die aas te knibbel" |
| Gebruik *one size fits all* | Gebruik alle tipes "aas" |
| Gee jou beste skoot en dis verby | Om die vis in te katrol beteken jy moet inkatrol en weer skiet gee of verskillende tye |
| Verskrik die dier as jy mis | Jy kry meer as een kans |
| Die dier het geen keuse nie | Die vis kan kies |
| Jy moet 'n goeie skut wees | Enige iemand kan aas in die water gooi |

Daar is drie sleutels tot geestelike visvang waarvan ons bewus moet wees:

## 1. IDENTIFISEER MY DAM

**Lees Handelinge 1:8. Wat moet ons doen en waar moet ons dit doen volgens hierdie vers?**

In hierdie gedeelte maak Jesus dit duidelik dat ons getuies moet wees. In die hof is 'n getuie iemand wat net uit sy/haar ervaring deel. Jy word nie gevra om die advokaat of prokureur te wees nie. Jy probeer nie argumenteer of oorreed nie. Daar is natuurlik dié wat daarvoor geroep is, maar God verwag nie van jou om iemand in die hemel in te argumenteer nie. Hy verwag wel dat jy sal deel wat met jou gebeur het. Enige iemand kan dit doen.

Jesus het vir die mense in Jerusalem gesê om te begin waar hulle reeds is. My dam is waar ek invloed het. God hou my die meeste verantwoordelik vir die mense met wie ek reeds 'n verhouding het. Waar moet ek begin? By die mense wat die naaste aan my is.

**Lees Markus 5:19. Waarheen stuur Jesus hierdie man? Met wie moet Hy gaan gesels oor sy ervaring?**

Het jy al opgelet dat baie van die apostels familie was? Andreas het huis toe gegaan en sy broer Petrus gaan vertel en na Jesus toe gelei. Jakobus en Johannes was broers. Filippus het sy vriend Natanael gebring. Ons het ook kollegas (of medestudente of -skoliere) – Paulus het vir Priscilla en Akwila, mede-tentmakers, na Jesus toe gelei. In Matteus 9 hou Matteus, wat 'n tollenaar was, 'n partytjie vir ander tollenaars om hulle aan Jesus voor te stel.

Soms is daar mense wat net jou pad kruis. Toe Jesus die vrou by die put ontmoet, wou Hy net water hê. Hy was dors. Hy het vir 'n wegneemete gestop en vir die kelnerin gevra vir water en met haar 'n geestelike gesprek begin. Het jy al ooit gedink hoeveel mense kruis net jou pad op 'n normale dag – baristas, kelners, mense by betaalpunte. Dit kan maklik 5 mense 'n dag wees. Hierdie is mense wat jy nooit sal leer ken nie, maar op 'n spesifieke tyd in jou lewe is daar 'n gemeenskaplike plek waar jy van die geleentheid gebruik kan maak. Filippus was op reis toe iemand anders verby ry wat besig was om die Skrif te lees. Hy kon hom na die Here lei.

Wie is die mense na wie jy moet uitreik? Wie gaan hemel toe gaan as gevolg van jou? Jy mag dalk die enigste Christen wees wat sommige mense ken en God het opsetlik hierdie mense in jou lewe geplaas omdat Hy vir hulle omgee en wil hê dat hulle Hom sal leer ken. Ons moet omgee omdat God omgee.

Dink aan mense vir wie jy OMGEE en wat NIE VIR JESUS KEN NIE. Dink aan jou vriende, kollegas, bure en familie.

**Skryf die name neer van die mense in jou sfeer van invloed en watter verhouding jy met hulle het (iets soos gesin, familie, vriende, bure, kollegas, ensovoorts).**

| Naam | Verhouding |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

## 2. DINK SOOS DIE VISSE IN MY DAM

Jy moet begryp hoe hulle is ten einde hulle te bereik. Jy moet weet wat is hulle belangstellings, hulle behoeftes en hulle seer/wonde. Die Bybel herhaal dit oor en oor dat Jesus geweet het wat mense gedink het. Geen wonder Hy was so effektief nie. Hy het geweet wat hulle behoeftes is. Hy het geweet wat hulle interesseer. Hy het geweet watter seer hulle ervaar.

**Lees 1 Korintiërs 9:20-23. Wat het Paulus gedoen om mense te bereik?**

**Dink aan mense na wie jy moet uitreik. Dink aan gemeenskaplike areas wat jy met daardie persone deel:**

Gemeenskaplike Ervarings:

Gemeenskaplike Belangstellings:

Gemeenskaplike Behoeftes:

Gemeenskaplike Seer:

Voor jy die goeie nuus met 'n persoon kan deel, moet jy gemeenskaplike areas tussen julle ontdek en tweedens, moet jy met hulle kan assosieer. Dit is hoekom JY die beste getuie is vir jou vriende – beter as enige iemand anders.

Een van die beste maniere om gemeenskaplike areas te ontdek en beter met mense te assosieer, is om baie vrae te vra. Soos jy vrae vra, ontdek jy nuwe dinge wat julle in gemeen het en verstaan jy mense se storie en reaksies beter.

Maak 'n lys van moontlike vrae wat jy wil vra vir hierdie mense wat op jou hart is:

## 3. ONTHOU DAT VERSKILLENDE VISSE OP VERSKILLENDE TYE HONGER RAAK

Sommige visse is honger in die oggend, ander in die middel van die nag, ander in die middag en soms is hulle glad nie honger nie.

*"Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid."*

**Kolossense 4:5 (AFR83)**

Hierdie vers verduidelik iets van mense se ontvanklikheid vir die Goeie Nuus. Dit is belangrik om te onthou dat mense deur 'n proses gaan ten einde hulle geloof in Jesus te plaas en hulle moet verskillend benader word, afhangend waar hulle tans is. Soms is mense baie oop vir die Evangelie en soms is hulle baie toe daarvoor. Soms sal hulle met jou daaroor gesels en soms nie. Hulle ontvanklikheid verander. Mense moet verskillend benader word afhangend van hoe ontvanklik hulle is.

**Lees Matteus 13:1-3 en 18-23. Kyk of jy die vier verskillende tipes grond kan identifiseer in hierdie gelykenis en elkeen se betekenis.**

In hierdie gelykenis is daar vier tipes ontvanklikheid:

- HARDE grond = Die Verdedigende Hart
- VLAK grond = Die Impulsiewe Hart
- Grond met ONKRUID = Die Afgeleide Hart
- GOEIE grond = Die Ontvanklike Hart

Onthou, sommige mense is naby om 'n toewyding aan Jesus Christus te maak, terwyl ander nog ver is. Effektiewe evangelisasie vereis dat ons sal bepaal hoe ontvanklik 'n persoon is en om hulle te help om 'n volgende stap te neem.

As jy 'n boer is, wil jy die meeste van jou saad in die goeie grond saai. Jy wil dit nie mors op die mense wat nie ontvanklik is nie. God neem verantwoordelikheid om mense ontvanklik te maak. Ons is verantwoordelik om die saad op goeie grond te saai.

Hier is 'n paar verse in die Bybel wat praat oor geestelike ontvanklikheid:

- ***Jesaja 46:12(AFR20) Luister na My, trotses van hart, julle wat ver is van geregtigheid.***

- ***Markus 12:34(AFR83) Toe Jesus hom so verstandig hoor praat, sê Hy vir hom: "Jy is nie ver van die koninkryk van God af nie."***

- ***Efesiërs 2:17(AFR83)  Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God was, vrede ook vir dié wat naby was.***

- ***Efesiërs 2:13(AFR83)  Maar nou is julle een met Christus Jesus. Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus.***

- ***1 Korintiërs 3:6(AFR83)  Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het.***

Evangelisasie is 'n proses en verskillende mense beweeg deur hierdie verskillende stadiums teen 'n verskillende tempo. Ons moet verskillend reageer op verskillende tye in die proses. Sommige mense beweeg vinnig en ander vat jare. Mense het verskeie blootstellings by elke fase nodig voordat hulle aanbeweeg.

# 9. BOU 'N BRUG VAN VRIENDSKAP (VOOR 'N GESPREK)

Een van die beste maniere van evangelisasie is om die Goeie Nuus met mense, wat reeds in jou lewe is, te deel. Ons almal het mense in ons lewens wat nie vir Jesus ken nie. Sommige van hulle is ons vriende en familie. Ander is mense met wie ons dagboeke oorvleuel. Ons sien hulle omdat ons kinders saam sport doen of ons werk by dieselfde plek of ons oefen dieselfde tyd saam. Baie keer is hierdie mense net in ons lewens solank ons dagboeke oorvleuel en indien dit verander, sien ons hulle nie weer nie. Maar miskien het God dit juis so bepaal sodat ons 'n invloed in hulle lewe kan hê en sodat ons 'n lig kan skyn. Ons het nodig om die beste gebruik te maak van hierdie geleenthede om verhoudings te bou, te toets of die deur oop is vir geestelike gesprekke en te leef met die wete dat ons altyd op die missie van Jesus is – gaan orals en maak mense my dissipels.

*"Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd."*

**Efesiërs 5:16 (AFR83)**

Goeie vriendskappe is gewoonlik intensioneel, eerder as toeval. Om vriendskappe met ongelowiges te ontwikkel, beteken dat jy soms die ekstra myl moet loop, risiko's moet neem en uit jou gemaksone moet beweeg. Met ons besige lewens vereis hierdie proses beplanning. Indien jy nie beplan om vriendskappe met ongelowiges te kweek nie, sal jy nooit die tyd hê om dit te doen nie.

*"'n Mens kan planne maak oor wat hy wil doen, maar dit is die Here wat besluit wat sal gebeur."*

**Spreuke 16:9 (ABA)**

Soms is dit nodig dat ons 'n paar dinge doen en in plek sit lank voordat ons die geleentheid het om 'n gesprek met iemand oor Jesus te hê en die Goeie Nuus met hulle te deel. In hierdie gedeelte wil ons jou help om 'n paar dinge te oorweeg en wat jy kan doen voor jy 'n gesprek met hulle het.

## 1. RAAK BEWUS – KYK UIT VIR DIE ONGELOWIGES WAT GOD IN JOU LEWE GEPLAAS HET

Daar is mense wat God in jou lewe geplaas het wat Hom nie ken nie. Jy kan met hierdie mense begin vriendskappe bou en verantwoordelikheid vir hulle neem.

**Begin deur die Here te vra om 5 ongelowige mense met wie jy gereeld kontak het, vir jou uit te lig. Dit kan van jou vriende, familie, kollegas, bure, mense by die skool of mense by die gym wees. Skryf elkeen van hulle se name neer:**

1. ______________________________________________
2. ______________________________________________
3. ______________________________________________
4. ______________________________________________
5. ______________________________________________

- Besef dat hierdie mense jou verantwoordelikheid is.
- Bepaal elke persoon se vlak van ontvanklikheid.

- Ontdek elkeen se belangstellings en behoeftes en skryf dit neer.
- Kyk uit vir gemeenskaplike areas waarop jy kan bou.
- Probeer bepaal na watter tipe getuienis hulle sal luister en waarop hulle sal reageer.

## 2. BID – SOEK DIE HERE

Ons grootste en belangrikste taak in evangelisasie is om te bid. Ons het nodig om die Here te soek en te vra vir sy bonatuurlike werking in hierdie hele proses. Ons kan nie hierdie in ons eie krag doen nie. Ons kan nie harte verander nie, maar God kan. Geestelike dinge kan nie aanvaar word of ingesien word deur mense sonder die hulp van die Heilige Gees nie.

*"Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word."*

**1 Korintiërs 2:14 (AFR83)**

Bid die volgende vir die persone op jou lys van mense wat God vir jou uitgewys het:

- Bid elke dag vir hulle op die naam.
- Bid dat God hulle na Homself sal trek (Johannes 6:44).
- Bid dat God hulle geestelike blindheid sal wegneem (2 Korintiërs 4:3-4).
- Bid dat die Heilige Gees hulle harte ontvanklik sal maak (Johannes 16:8-13).
- Bid dat jy die geleentheid sal kry om die Goeie Nuus te deel en dat jy dit op die regte manier sal doen (Kolossense 4:3-5).
- Vra dat die Here jou wysheid sal gee oor wat jy moet sê (Jakobus 1:5).
- Vra dat die Heilige Gees die woorde wat jy sê, sal gebruik (1 Tessalonisense 1:5).

Wanneer jy vir hierdie mense bid, kan jy die volgende verse as 'n beginpunt gebruik om vir hulle te bid:

- Here, mag U hulle gedagtes en harte rig op die kennis van u liefde (2 Tessalonisense 3:5).
- Here, mag U hulle verstand oopmaak vir die mooi en die krag van u Woord (Lukas 24:45).
- Here, ek vra dat Jesus deur geloof in hulle harte sal begin woon (Efesiërs 3:16-19).

## 3. GEE OM – DEMONSTREER GOD SE LIEFDE

Jesus het nie net die waarheid met groot vrymoedigheid gepraat nie, maar het ook mense gedien, saam met hulle geëet en siek liggame, harte en denkwyses genees. Jesus het mense in *woord* en *daad* gedien. Soms het mense nodig om iets van God se goedheid te ervaar en te beleef, voordat hulle sal luister na die waarheid.

*"God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?"*

**Romeine 2:4 (AFR83)**

Miskien moet jy dink hoe jy goed kan wees vir die mense op jou gebedslys voordat jy 'n gesprek met hulle het oor die bron van hierdie goedheid. Hier is 'n paar idees om jou te help om te begin:

- Nooi iemand van "jou 5" vir ete en leer iets van hulle storie ken.
- Dink aan kreatiewe maniere hoe jy hulle kan dien. Miskien kan jy hulle gras sny of hulle help met hulle trek.
- Wys vir iemand dat jy omgee deur vir hulle 'n kaartjie te skryf of vir hulle 'n klein geskenkie te gee.
- Vra die Here om vir jou te wys watter daad van diensbaarheid hulle harte sal oopmaak vir sy liefde en om aan Hom gehoorsaam te wees.
- Respekteer almal as mense en nie as "vooruitsigte" of "projekte" nie.

- Wees 'n opregte vriend. Help hulle op 'n praktiese manier.
- Wees 'n persoon wat goed luister. Dit is 'n wonderlike manier om liefde te wys.
- Jou doel moet diensbaarheid wees; nie werwing nie.
- Nooi hulle na jou huis.
- Maak 'n intensionele besluit om besorg te wees oor hulle behoeftes en te kyk vir geleenthede om dit te bevredig.
- Gaan uit jou pad om hulle lief te hê totdat hulle jou vra hoekom jy dit doen.
- Aanvaar mense soos hulle is sonder om veroordelend te wees.

Natuurlik sal hierdie dinge tyd en intensionele beplanning en optrede vat, maar dit is so die moeite werd as God dit gebruik om mense se harte sag en ontvanklik te maak vir sy liefde en waarheid. Een van die grootste behoeftes van mense is om werklik geken te word en geliefd te wees.

*"Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê."*

**Johannes 15:13 (AFR83)**

Vir sommige mense kan dit dalk 'n ruk vat voordat hulle dit wat jy vir hulle doen reg interpreteer. Dit wat jy doen vir mense moet altyd vanuit 'n opregte plek kom omdat jy vir hulle omgee. Dit moet nooit gesien of ervaar word as 'n manier te einde hulle te forseer in 'n gesprek oor Jesus nie. Mense moet nooit voel hulle was 'n evangelisasie projek van jou nie, maar dat jy opreg probeer vriendskap bou het.

**Wat kan jy moontlik hierdie week vir van die mense op jou gebedslys doen om die goedheid van God te wys? Skryf 'n paar idees neer.**

## 4. DEEL – VANUIT JOU HART

Wanneer jy vir iemand gebid het en vir hulle goed was, is ons hoop natuurlik dat daar 'n geleentheid sal wees om die goeie nuus van Jesus met hulle te deel. Natuurlik vertrou ons die Here vir 'n geleentheid vir 'n gesprek waar ons die liefde en goedheid van God vir hulle kan verduidelik.

Hier is 'n paar dinge wat jy moet onthou soos jy gereed maak om te getuig:

- Identifiseer jouself as 'n positiewe, vreugdevolle volgeling van Jesus.
- Deel 'n getuienis wanneer die geleentheid homself op 'n natuurlike manier voordoen. (Dit sal gebeur!)
- Moet nooit die Goeie Nuus forseer nie. Wees geduldig. God is aan die werk.
- Gebruik krisis geleenthede om te wys hoe ons almal God nodig het.
- Vra vrae wat lei na geestelike gesprekke.
- Gee vir hulle 'n gepaste boek om te lees of boodskappe om te luister/kyk.
- Konsentreer op die essensiële.
- Nooi hulle na 'n diens by die kerk.
- Bied aan om hulle voor te gaan in 'n gebed van toewyding nadat jy die Goeie Nuus gedeel het.

Die res van hierdie afdeling wil jou help om vir hierdie oomblik voor te berei, sodat jy die beste gebruik kan maak van die geleentheid. Maar tot dan, hou aan bid vir jou 5 en hou aan om geleenthede te soek om vir hulle die liefde en goedheid van God op 'n tasbare manier te wys.

# 10. MANIERE OM GEESTELIKE GESPREKKE TE BEGIN

*"Jy kan nie die Here vra om jou te help as jy nog nie eens weet wie Hy is nie. En hoe kan jy weet wie Hy is as jy nog nooit van Hom gehoor het nie? En hoe kan mense van Hom hoor as daar niemand is om hulle van Hom te vertel nie?"*

**Romeine 10:14 (DB)**

Paulus maak dit duidelik in Romeine 10 dat mense nie die Evangelie van Jesus op hulle eie kan uitdink nie – iemand moet hulle vertel. Om net die lewe van ʼn Christen dop te hou, is nie genoeg nie. Mense het nodig om te *hoor* wie die God is wat hulle liefhet, watter skade, skeiding en skande sonde aangerig het, en hoe ons almal die vergifnis en lewe wat Jesus ons bied, nodig het. Dit beteken dat ons oor ons geloof moet praat en geestelike dinge in algemene terme moet verduidelik. Ons moet dus gesprekke opsetlik en doelgerig in ʼn geestelike rigting stuur.

Daar is verskeie maniere hoe jy gesprekke in ʼn geestelike rigting kan stuur en sommige van die maniere sal beter by jou persoonlikheid pas as ander. Soos ons na die verskillende metodes kyk, let op watter metode jou aangryp en ontwikkel daardie een meer en meer. Dit is egter belangrik dat ons sal besef dat ons nie gesprekke na geestelike sake sal stuur as ons nie ʼn diep oortuiging in ons hart het dat ons lewe beter is omdat ons Jesus volg nie en dat die mense met wie jy gesels se lewens ook beter sal wees as hulle in Jesus glo. Sonder hierdie oortuiging is dit amper onmoontlik om jouself te motiveer om oor te gaan in aksie.

Kom ons kyk na drie metodes wat jy moontlik kan gebruik om gesprekke in ʼn geestelike rigting te stuur:

## 1. Die Direkte Metode

Hierdie metode doen presies wat die naam sê. Dit wag nie vir geleenthede nie, maar skep geleenthede. Jy gebruik hierdie metode deur baie direk ʼn geestelike saak aan te raak en dan te kyk of die persoon belangstel om daaroor te praat of nie. Dit beteken nie jy forseer mense om oor geestelike dinge te gesels nie, maar jy maak wel die deur wawyd oop.

ʼn Voorbeeld van hierdie metode is om vir iemand te sê: "Indien jy ooit die verskil tussen godsdiens en Christenskap wil weet, laat weet my. Ek gesels graag met jou daaroor." Dit is baie direk, maar dit forseer nie iemand in 'n gesprek nie. Dit is dieselfde wat Jesus in Johannes 4 gedoen het toe Hy met die vrou by die put gesels het.

ʼn Ander manier om dit te benader is om vir mense te vra: "hoe gaan dit?" Hulle sal altyd met "goed" antwoord – maak nie saak of dit goed gaan en of hulle lewe uitmekaar val nie. Bid dan en vra die Heilige Gees of die persoon oop is, en volg jou vraag op met iets soos: "Wees eerlik. Hoe gaan dit werklik?" Mense sal baie keer dan meer met jou deel en dit sal ʼn geleentheid skep waar jy kan verduidelik dat jy omgee en dat God omgee. Jy kan dan ʼn klip in die bos gooi: "Ek sal jou meer van hierdie God vertel wanneer jy reg is daarvoor."

Ander voorbeelde van frases om gesprekke te begin:

- Ek is nuuskierig. Dink jy ooit oor geestelike dinge?
- Wat is jou opinie? Wie was Jesus Christus?
- Gaan jy kerk toe?
- Wat is jou geestelike agtergrond? Is jy ʼn spesifieke godsdienstige perspektief geleer toe jy klein was?

- Wonder jy ooit wat met ons gebeur as ons doodgaan?
- Wat dink jy is ’n regte Christen?
- Waarheen is jy op pad in jou geestelike reis?
- Het jy al ooit gehoor dat God lief is vir jou?
- Kan ek jou vertel van die beste ding wat nog ooit met my gebeur het?
- As God vir jou sou sê: “Hoekom moet ek jou in my hemelse woning toelaat?” Wat sou jy antwoord?

## 2. Die Indirekte Metode

Hierdie is ’n metode waar jy ooreenkomste tussen jou en die ander persoon se lewe bepaal en dan jou oortuigings oor geloof of van kerk in die gesprek inmeng om die gesprek in die rigting van geloof en God te stuur. In die besigheidswêreld vra mense baie keer vir mekaar: “hoe verloop jou jaar sover?” In plaas daarvan om net te antwoord goed of sleg, antwoord soos volg: “Finansieel goed; familie gewys goed; geestelik baie goed. Oor watter een wil jy gesels?” Dit kan moontlik na ’n gesprek lei. Indien jy met mense te doen kry wat onlangs verhuis het en begin inskakel, vra: “Het julle al jul voete gevind? Winkels? Skole?” Vra dan ook of hulle ’n kerk gekry het – selfs al het hulle nie eintlik 'n kerk gesoek nie. Dit kan dalk die begin van ’n gesprek wees.

Wanneer jy met mense praat oor jou stokperdjies of wat jy doen met jou spaar tyd, kan jy altyd iets noem waar jy tyd spandeer in bediening by die kerk of ’n organisasie. Jy kan in gesprekke oor musiek verwys na kunstenaars wat gelowiges is of in gesprekke oor sport dieselfde stellings oor sportsterre maak.

Wanneer jy sekere moeilike tye met ander mense deel, wat deur dieselfde beproewing gaan, kan jy deel hoe jy wysheid en nuwe krag uit die Bybel of gebed of kerk gekry het. Tydens Kersfees kan jy iets vra soos: “wat dink jy oor die baba in die krip?”

Daar is dus baie maniere hoe jy hierdie metode kan gebruik om gesprekke na geestelike dinge te draai en mense se oopheid vir die evangelie te toets. Onthou die doel is om die persone se gewilligheid om oor geestelike dinge te praat te toets, nie om hulle te forseer in 'n gesprek wat hulle nie wil hê nie. Indien hulle nie reageer op jou *toets* nie, gaan aan met die gesprek en probeer weer op 'n ander keer.

## 3. Die Uitnodiging Metode

Hierdie metode is waar jy ’n persoon uitnooi na ’n uitreik geleentheid, konsert, fliek, kerkdiens of sosiale geleentheid. Wees egter seker dat hierdie geleentheid “veilig” sal wees vir jou vriend wat nie noodwendig glo nie. Anders kan dit meer skade as goed doen. Mense sal baie keer nie wil gaan nie. Respekteer hulle keuse, maar gebruik die geleentheid om ’n opvolg vraag te vra of stelling te maak. Iets soos: “Dis 100% Johan. Ek weet julle is besig op hierdie stadium. Dalk doen ons dit ’n volgende keer. Ek is egter nuuskierig. Het jy groot geword met ’n spesifieke geestelike oortuiging?”

Indien jy dit ’n ope vraag maak en gemaklik is, sal dit baie keer na ’n geestelike gesprek kan lei. Indien jy hulle uitnooi na iets, gee vir hulle iets in hulle hand met al die inligting as ’n herinnering van die tyd en plek. Jy kan ook aanbied om hulle te kom haal en sê jy sal vir die koffie na die tyd betaal. Hierdie ekstra dinge sal jou intensies van vriendskap wys, en dit vir hulle makliker maak om met jou oor geestelike dinge te gesels. Die doel is om 'n vriendskap te bou waar jy moontlik 'n geestelike gesprek met hulle kan hê.

Dit maak nie saak watter metode jy gebruik nie, maar onthou die volgende beginsels:

- **Bid hard voor die tyd (en tydens die gesprek)** – daar is geen plaasvervanger vir gebed nie.

- **Praat individueel met mense** – selfs volwassenes lei aan groepsdruk.

- **Prikkel mense se nuuskierigheid** – moenie dink jy moet altyd jou geloof direk opper in 'n gesprek nie. Gee leidrade wat mense nuuskierig maak en meer vrae laat vra.
- **Maak staat op wedersydse reflekse** – indien jy ander mense wil vertel van jou belangstellings en oortuigings, vra hulle eers uit oor hul eie. Hulle sal dan outomaties uitvra na joune.
- **Gebruik split sekonde geleenthede** – wanneer mense ons vra: "hoe gaan dit?", antwoord die meeste van ons met na standaard, veilige antwoord. Begin deur hierdie geleenthede te gebruik om iets onverwags te sê en die bal aan die rol te sit.
- **Moenie mense se belangstelling onderskat nie** – ons dink baie keer mense stel nie eintlik in geestelike dinge belang nie, maar baie mense is moeg om sonder 'n doel te leef. Baie mense voel daar moet meer wees as om net werk toe te gaan, kinders rond te ry en net dinge te geniet wat breek en verouder in hierdie lewe. Jou gesprek is dalk net wat hulle nodig het!

**Watter een van hierdie drie metodes pas die meeste by jou persoonlikheid? Verduidelik.**

**Watter van hierdie voorbeelde wil jy hierdie week in gesprekke met mense in jou lewe probeer inwerk?**

**Skryf 'n gebed neer om jou hartsbegeerte oor van hierdie metodes uit te spreek.**

## Hoe om jou getuienis in 'n gesprek in te werk:

1. **Luister vir probleme of behoeftes waarin Jesus jou al vantevore gehelp het.**

   *“Dit was altyd 'n groot probleem in my lewe (of my huwelik, ensovoorts) ook gewees. Om die waarheid te sê, ek het hopeloos (gefrustreerd, ens.) gevoel. Ek het toe iets ontdek wat 'n groot verskil in my lewe gemaak het”*

2. **Verwys na iets in die Nuus of op die TV wat handel oor 'n gemeenskaplike behoefte.**

   *“Het jy gelees van...? Ek kan myself nogal vereenselwig met hoe daardie mense moet voel. Dit was nie so lank terug dat ek met dieselfde tipe ding gesukkel het nie. Iets het toe gebeur wat my lewe verander het...”*

   Begin altyd met 'n stelling waarmee hulle saamstem of 'n situasie waarmee hulle kan assosieer.

3. **Vra om verskoning vir mense wie jy al baie lank ken, maar teenoor wie jy nog nooit getuig het nie.**

   *“Johan, ek moet vir jou om verskoning vra. Ons ken mekaar al baie lank en ek sien jou as 'n goeie vriend. Vriende het nie geheime vir mekaar nie – en ek het jou nog nooit vertel van die beste ding wat nog ooit met my gebeur het nie. Ek neem aan ek was bang wat jy sou dink daarvan. In elk geval...(begin dan jou storie deel).”*

# 11. LESSE WAT ONS BY JESUS KAN LEER

**Lees Johannes 4:1-42**

Dis altyd 'n goeie idee om by Jesus te leer oor hoe Hy gesprekke met mense begin het en hoe Hy mense gehelp het om iets van die Evangelie te verstaan. Johannes 4 is vol wysheid oor ’n interaksie wat Jesus met ’n vrou gehad het. Hierdie vrou het aan die einde van hulle gesprek tot geloof in Jesus gekom alhoewel daar soveel verskille tussen haar en Jesus was. As ons hierdie storie bestudeer is daar verskeie lesse wat ons daaruit kan leer om ons te help om met ander mense oor geestelike dinge en Jesus te praat.

## LES 1: OORBRUG DIE KLOOF

Baie Christene is van kleins af geleer om die wêreld en wêreldse mense te vermy. Daar is sekere plekke waar jy net nie mag uithang nie en sekere mense met wie jy nie mag meng nie. Dit het gelei tot baie bang Christene wat nie uitreik na die mense wat dit eintlik die nodigste het nie.

Daar was groot verskille tussen Samaritane en Jode in Jesus se tyd. Die Samaritane is deur die Jode gesien as baster mense en daar was ook politiese en teologiese verskille. Asof dit nie erg genoeg was nie, is vrouens ook nie geag nie – wat nog te sê van ’n Samaritaanse vrou! Jesus oorbrug egter al hierdie verskille in sy gesprek met haar.

Jesus leer ons dat ons nie afgeskrik moet word deur verskille wat ons in ander mense sien nie. Maak nie saak of daardie verskille ras, geslag, godsdiens of politiek is nie. Ons kan eerder soos Jesus word wat brûe oor klowe bou, eerder as om hulle dieper en wyer te maak.

Ons moet vriendskappe ontwikkel met mense wat soos ons is en wat anders as ons is; dié wat maklik is om lief te hê en dié wat moeilik is om lief te hê; met die suksesvolle en die onsuksesvolle; dié wat aanvaar word en dié wat nie aanvaar word nie.

Jesus kon sy rug op hierdie vrou gedraai het en gesê het: “Ek meng nie met mense wat anders as ek glo nie”, maar Hy het nie. As gevolg daarvan kan ons onsself ’n paar vrae afvra:

- Luister ek na wat die Heilige Gees vir my sê as ek ’n interaksie met mense van ander gelowe, agtergronde of politiese sienings het?
- Is ek daarop gefokus om stereotipering af te breek en eerder brûe te bou in my alledaagse gesprekke met mense?
- Soek ek maniere om uitgedaag te word in my sienings oor mense of groepe mense?

## LES 2: VRA VRAE

Jesus het opsetlik met mense wat anders as Hy was interaksie gehad en Hy was ook doelgerig om vrae aan mense te stel – net soos met hierdie vrou by die fontein. Dis ons verantwoordelikheid om in geloof gesprekke met mense te begin en te toets of die deur oop is vir geestelike gesprekke. Regdeur die Nuwe Testament sien ons dat wanneer mense nie met Jesus wou praat nie, Hy nie die deur afgebreek het nie, maar Hy het gedurig vrae gevra om te toets of mense reg is vir die waarheid oor God. Ons verantwoordelikheid is die begin van gesprekke, nie om die uiteinde daarvan te bepaal nie.

Ons moet leer om beter vrae te vra, maar ons kan begin met waar ons onsself bevind. Langs die fontein het Jesus ’n vraag oor water gevra. Ons kan dieselfde vermoëns aanleer in verskillende omgewings waar ons onsself bevind. Hier is ’n paar voorbeelde van vrae wat ons aan mense kan stel:

- Hoekom dink jy is daar soveel verskillende gelowe in die wêreld?
- Dink jy dit is moontlik vir enige iemand om werklik te weet of daar ’n God is?
- Wat dink jy is die grootste misverstande wat mense oor God het?

- Dink jy regtig daar is iets soos "onvoorwaardelike liefde"?
- Hoe het jou geloof of ongeloof in God jou lewe beïnvloed?
- Glo jy God is aktief besig in ons wêreld?
- Dink jy regtig daar is iets soos die noodlot ("*destiny*")?
- Wat hoop jy is waar van God?

## LES 3: OEFEN GEDULD

Jesus was besonders geduldig met hierdie vrou. Een van die redes kan dalk wees dat hierdie vrou nie net ʼn evangelistiese projek vir Jesus was nie. Hy het werklik in haar as persoon, wat regte behoeftes ondervind het, belanggestel. Jesus het verstaan dat hierdie vrou eers haar sonde kan uitsorteer nadat sy ʼn gelowige geword het. Omdat sy verwagtings reg was, kon Hy haar met waardigheid en respek hanteer eerder as veroordeling. Alhoewel Jesus die vermoë gehad het om alles van haar te weet, het Hy dit nie in haar gesig gegooi nie. Hy het haar eerder help fokus op haar toekoms en hoe haar lewe kan wees. Nadat sy iets van genade beleef het, het sy teruggegaan dorp toe en getuig oor haar ervarings met hierdie Man. Haar eerste reaksie nadat sy geglo het en genade ontvang het, was om dit met ander mense ook te deel. God het ons vir dieselfde taak geroep.

## LES 4: VERMY AFDRAAIPAADJIES

Het jy opgelet hoe sy probeer het om die tema te verander toe hulle gesprek bietjie intens geraak het? Jesus probeer fokus op haar behoefte vir God en sy begin praat oor op watter berg daar nou eintlik aanbid moet word. Mense doen dit vandag nog. Wanneer jy in ʼn rigting begin praat dat ʼn persoon Jesus nodig het en ʼn besluit moet neem, sal hulle begin vra oor al die skynheiliges in die kerk, of hoe werk dit dat Jona in ʼn vis se maag was, of jou sienings oor die skepping en evolusie. Ons moet egter die gesprek op Jesus gefokus hou. Die vraag wat beantwoord moet word is: "Wie sê *JY* is Jesus?" Ons moet in daardie oomblik die Heilige Gees vra of dit wat die persoon opper net ʼn afdraaipaadjie is, en of dit werklik ʼn struikelblok vir die persoon is, sodat ons die nodige aanpassings in ons gesprek kan maak.

## LES 5: GEE HOOP AAN DIE HOPELOSE

Net soos Jesus, moet ons die voordele verduidelik wat dit inhou as jy ʼn lewe leef wat oorgegee is aan Hom. Ons moet met vrymoedigheid aan mense vertel wat die Vader belowe! Jesus het aan hierdie vrou wat dors was, lewende water gebied. Netso, is daar baie wat God aan die mense belowe met wie jy in gesprek gaan wees:

- Vir dié wat vol skaamte en skande is – daar is genade, vryspraak en vergifnis vir jou.
- Vir dié wat vasgevang is in destruktiewe gewoontes – wanneer die Seun jou vrymaak, sal jy waarlik vry wees.
- Vir die swakkes – God is die bron van krag en Hy sal vir jou gee as jy vra.
- Vir dié wat moeg en oorlaai is – Jesus gee rus en vrede.
- Vir die moedeloses – Hy is naby die gebrokenes; Hy help die moedeloses
- Vir dié wat nood het – voorsiening op die regte tyd.
- Vir dié wat rou – vertroosting en bemoediging.
- Vir dié wat siek is en besig is om te sterf – ewige lewe en ʼn nuwe liggaam.

Wanneer Jesus geloof aan mense voorgehou het, het Hy altyd sonder verskoning aangedui dat die lewe wat Hy aan hulle bied die beste moontlike lewe vir hulle is.

As gevolg van hierdie gesprek tussen Jesus en hierdie vrou, het haar lewe verander asook die lewe van ʼn klomp ander mense in die dorpie. Dink hoe het die prentjie 20 jaar later gelyk en hoe het haar lewe anders gelyk. Dink hoe het haar kinders en familie se lewe verander as gevolg van hierdie een gesprek. Dink hoe het haar reputasie in die dorpie verander na hierdie gesprek en dit alles as gevolg van ʼn gesprek waar daar brûe oor klowe gebou is deur ʼn gewone gesprek. Dink net hoe kan die mense met wie jy interaksie het se lewens verander. Dink hoe kan hulle toekoms verander. Dink hoe kan die mense in hulle wêreld se lewe verander. Dink net hoe kan die persoon se nalatenskap verander en hoe kan dit verskil waar hulle ʼn ewigheid spandeer.

**Skryf die name neer van mense met wie jy gereeld te doen het, wat nie vir Jesus ken nie. Begin vir elkeen van hierdie persone bid en vra dat die Here vir jou geleenthede sal gee vir gesprekke met hulle.**

**Skryf 'n gebed neer oor hoe God jou kan help.**

# 12. PRAKTIESE MANIERE OM DIE EVANGELIE TE DEEL

*"I pray that you may be active in sharing your faith, so that you will have a full understanding of every good thing we have in Christ."*
**Philemon 1:6 (NIV84)**

*"Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen."*
**2 Korintiërs 5:20 (AFR83)**

Ons het bestudeer hoe ons 'n gesprek met mense in 'n geestelike rigting kan stuur ten einde brûe te bou om die goeie nuus van Jesus aan mense voor te hou. Alle mense het Jesus nodig en God het gekies om Christene te gebruik. Paulus skryf in 2 Korintiërs 5:20: "*Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen.*" God het gekies dat ons sy verteenwoordigers of ambassadeurs op aarde sal wees om die evangelie bekend te maak aan mense.

As verteenwoordigers is dit dus goed om te praat oor geestelike dinge, maar wat doen jy as jy toets vir 'n geleentheid en die persoon is heeltemal oop daaroor om oor Jesus en die evangelie te praat? Wat maak jy as die persoon vir jou vra om die evangelie vir hom/haar te verduidelik? Wat doen jy as hulle van jou 'n verduideliking soek oor die hoop wat jy het? Wat moet jy sê? Hoe verduidelik jy dit op 'n eenvoudige manier? Hoe doen jy dit as jy by een of ander koffiewinkel sit en hierdie gesprek het? In hierdie sessie gaan ons kyk na 'n paar belangrike punte wat ons moet onthou as ons aan die evangelie dink en ons gaan kyk na praktiese maniere om die evangelie aan iemand te verduidelik.

Wanneer ons aan die evangelie dink is daar vier punte wat ons moet onthou:

## 1. GOD

God is 'n God van liefde. Liefde is nie net iets wat Hy "doen" en "voel" nie, dit is wie Hy is. Hy het ons lief en smag na 'n verhouding met ons. Alhoewel ons sondaars is wat teen Hom rebelleer, hou Hy aan om sy liefde aan ons uit te reik. Hy is 'n God van liefde, maar God is ook heilig en dit beteken dat Hy perfek en rein is. Dit beteken dat Hy apart is van enige iets wat onrein is – Hy is lig en daar is geen duisternis in Hom nie. Die derde karaktereienskap wat ons moet onthou is dat Hy is geregtig. Hy is soos 'n baie goeie regter en kan nie enige wette en reëls buig en oorsien nie. Hy moet reg en geregtigheid aan almal laat geskied.

## 2. ONS

Toe God die mens gemaak het, was die mens goed en sonder sonde. Maar die mens het sy vryheid misbruik en teen God gerebelleer en gesondig. Wanneer ons met God se heiligheid vergelyk word, skiet ons ver te kort en omdat God geregtigheid moet laat geskied, is die regverdige straf vir ons sonde en onreinheid, die dood. Dit sluit fisiese en geestelike dood in. Dit beteken skeiding van God vir ewig in die hel. En asof dit nie erg genoeg is nie, is daar niks wat ons van ons kant af kan doen om dit te verander of te verbeter nie. Gelukkig eindig die storie nie daar nie.

## 3. JESUS CHRISTUS

Jesus Christus is uniek om ’n oplossing vir ons dilemma te bewerk. Hy was beide God en mens. As God kon Hy ’n plan beraam vir ons verlossing. As ’n mens kon Hy die plan uitvoer deur die straf wat ons verdien op Homself te neem. Die sentrale punt van die evangelie is dat Jesus in ons plek gesterf het as plaasvervanger. Hy het die doodsvonnis wat ons verdien, betaal. Op hierdie manier het Hy die liefde van God vir ons gewys, die heiligheid van God volgehou en voldoen aan die geregtigheid van God. Hy het dit alles gedoen sodat Hy die geskenk van verlossing, vergifnis en vriendskap aan ons kon bied. Ons verdien dit nie, ons kan nie daarvoor betaal nie en ons kan dit nie verdien nie. Ons kan dit net verkry deur ons sondes te erken en te vra vir vergifnis en Hom, Here van ons lewe te maak.

## 4. JY

Jy moet besluit wat jy met hierdie waarheid gaan doen. Jesus het die prys vir verlossing en vergifnis vir die hele wêreld betaal, maar net dié wat dit aanvaar sal sy vergifnis verkry. Iemand anders kan nie hierdie besluit namens jou of vir jou maak nie. Jy moet self besluit.

Kom ons kyk na ’n paar praktiese maniere om die evangelie in ’n gesprek aan mense te verduidelik. Prentjies is altyd ’n maklike manier om mense te help begryp en in hierdie sessie gaan ons kyk hoe jy die evangelie deur prentjies aan mense kan verduidelik deur dit selfs op ’n servet van die koffiewinkel te teken.

### DIE VIER PUNTE MET PRENTJIES

**1. GOD IS LIEF VIR MY**

God is 100% lief vir jou. Sy liefde is sonder perke en is onvoorwaardelik. Die liefde van God het sigbaar geword deur Jesus Christus. Hierdie liefdevolle God kan ervaar word. Hy is werklik en daar is niks meer wat Hy wil hê dat jy sy liefde persoonlik sal beleef en dat jy die doel van jou lewe sal ontdek in jou verhouding met Hom nie. *(Sien Psalm 16:11 en 1 Johannes 4:16 en Efesiërs 3:18).*

**2. EK LEEF APART VAN GOD**

Ongelukkig beleef ons nie God se liefde nie omdat ons kies om Hom te ignoreer. Ons soek orals vir betekenis en vervulling – maar nie by God nie. Ons vertrou Hom nie en dink nie dat Hy die beste vir ons beplan nie. Om op ons eie pad te loop en die selfsugtige dade wat daaruit voortspruit, is wat die Bybel sonde noem. Sonde verwoes en beskadig ons verhoudings met ander. Dit weerhou ons ook daarvan om die lewe van vervulling te leef wat God bedoel het ons moet leef. *(Sien Romeine 3:23 en Jesaja 59:2).*


**3. JESUS HET ALLES VIR MY GEGEE**

Ons sonde en ons selfsugtige optrede stop nie God se liefde vir ons nie. Hy het selfs 'n mens in Jesus Christus geword en Hy het sy lewe vir ons gegee. Hy het ons plek op die kruis gevat en het al die gevolge van sonde op Homself geneem. Jesus het gesterf, maar Hy het weer opgestaan uit die dood. Hy bied vir ons vrede met God en persoonlike verhouding met Hom aan. Deur geloof in Jesus kan ons God se liefde elke dag beleef, sy doel vir ons lewe ontdek en kan ons die ewige lewe hê na die dood. *(Sien Johannes 3:16 en 1 Petrus 3:18).*

**4. GAAN EK KIES OM JESUS TE VOLG?**

God het reeds alles gedoen om sy liefde vir ons te wys. Deur Jesus Christus bied Hy vir ons vervulling en die ewige lewe. Ons kan direk met God praat – ons noem dit gebed – en vir Hom vra om ons te vergewe omdat ons ons lewe sonder Hom geleef het. Ons kan kies om saam met God te leef deur ons vertroue in Jesus Christus te plaas van hierdie oomblik af vorentoe. Wat sal jy kies? *(Sien Johannes 1:12 en Openbaring 3:20).*
*Gaan kyk gerus op [www.thefour.com](http://www.thefour.com) vir meer oor hierdie manier.*

## DIE BRUG




Die verduideliking is eenvoudig en maklik om te onthou. Aan die eenkant van die brug is God en aan die anderkant is ons, mense. Tussen God en mense is daar ʼn groot kloof – ʼn skeiding wat bestaan as gevolg van mense se geneigdheid om teen God se weë te rebelleer en eerder hulle eie koppe te volg. Die Bybel noem dit "sonde" en sê die uiteinde daarvan is "die dood".


Die dilemma waarmee mense sit, is dat hulle by God wil wees, maar hulle weet dat hulle nie net oor die kloof kan spring nie. Ons probeer dus allerlei dinge met ons eie krag en ons eie vermoë om ʼn brug na God toe te bou. Op die ou end besef ons dat alle moontlike, menslike probeerslae nooit goed genoeg sal wees om ons aan die anderkant te kry nie. God het egter simpatie met ons dilemma en omdat Hy ons so liefhet, het Hy ʼn plan gemaak en ingetree in ons dilemma, sodat ons naby aan Hom kan kom. Sy oplossing was om sy Seun te kies om as die brug te dien sodat ons by Hom kan uitkom. Hy het die brug van sy kant af gebou.

Christus het gekom om ons brug te wees, en wie ook al oor die brug beweeg sal vir ewig saam met God leef. Johannes 5:24 sê: "*Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan.*"

Hierdie verduideliking werk goed wanneer iemand besig is om ʼn klomp dinge te doen ten einde te probeer bou aan hulle eie brug om God te beïndruk en probeer "goed genoeg wees" om deur God aanvaar te word. Hierdie werke kan insluit om mense te help, baie kursusse by te woon, baie Bybel te lees en kerk toe te gaan, maar as die kern daarvan is om punte by God te kry, is dit gebou op werke. Ons moet besef dat Jesus oor hierdie groot kloof na ons toe gekom het – Hy het die vermoë om dit te doen – en dat Hy van ons kant af ʼn brug na God gebou het sodat ons kan oorloop en ʼn verhouding met God kan hê.

"*Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God*" (Efesiërs 2:8).

## DOEN VS GEDOEN





Godsdiens word gespel: D-O-E-N. Die doel daarvan is dat jy moet probeer om genoeg dinge te doen om God se guns te wen. Mense dink as jy wil hê dat God jou aanvaar, dan moet jy dié en dat *doen,* en jy moet jou lewe uitsorteer en allerhande beloftes maak. Maar Christenskap word gespel: G-E-D-O-E-N. Die Bybel sê dat dit wat Jesus op die kruis *gedoen* het, genoeg was. Hy het *gedoen* wat jy nooit kon doen nie. Hy het op ʼn unieke manier voldoen aan God se vereiste aan ʼn offer vir ons sonde van die verlede, huidige en toekoms. As jy dit dus aanneem wat Hy gedoen het, sal jy nie net deur God aanvaar word nie, jy sal heeltemal nuut gemaak word. Jy kan vergifnis vir jou sonde en guns by God verkry as gevolg van wat Jesus Christus aan die kruis gedoen het op hierdie oomblik deur dit te aanvaar.

"*Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee*" (Titus 3:5).

## DIE MORELE LEER

Hierdie illustrasie beklemtoon die universele behoefte aan God. Indien jy vriende het wat nie dink hulle het enige nut vir God nie, is hierdie die illustrasie vir jou. Basies teken jy 'n leer en verduidelik dat hierdie leer iets van jou moraliteit wys. God is heilig en daar is geen sonde in Hom nie en Hy is 100% moreel daarom is Hy aan die bopunt van die leer. Die onderkant van die leer is natuurlik die teenoorgestelde en daar sal iemand soos 'n reeks moordenaar wees.




Vra dan die persoon om op die leer iemand soos Moeder Teresa of Billy Graham te plot. In ons konteks dalk ook iemand soos Angus Buchan. Vra die persoon om ook die grootste Christen/morele persoon wat hulle persoonlik ken, te plot. Dan kan jy die persoon vra om hom-/haarself op die leer te plot. Daar is egter 'n gaping tussen Moeder Teresa en God – so ook Billy Graham, Angus Buchan en die mees morele persoon wat hulle persoonlik ken, maar hulle sou almal dieselfde antwoord gee oor hoe daardie gaping tussen hulle morele lewe en die perfekte standaard van God gevul word – Jesus Christus.

Daarna verduidelik jy aan die persoon dat Jesus ook vir hom/haar daardie gaping kan vul en dat Hy ook die gaping vir die reeks moordenaar aan die onderkant van die leer kan vul. Dit gebeur egter wanneer jy Jesus Christus aanneem as Verlosser en aanvaar dat Hy in ons plek as sondaar hanteer is en ons die voordeel kan trek uit sy perfekte lewe.

"*Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees*" (2 Korintiërs 5:21).

## DIE PAD DEUR ROMEINE

Ander mense het al die boodskap gehoor, maar wil dit swart op wit sien in die Bybel en 'n goeie manier om die evangelie aan iemand te verduidelik, is wat ons noem die pad deur Romeine. Basies verwys jy na 'n paar verse in Romeine, wat die belangrike punte van die evangelie verduidelik. Merk hierdie versies in jou Bybel sodat jy dit maklik kan kry.

**Romeine 3:23**: "*Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie*"

> Volgens hierdie vers het almal van ons teen God gesondig. Dit is nie net die groot sondes soos moord en verkragting nie. Dit is ook die sondes van lieg, morele foute, jou humeur verloor, onsensitief wees teenoor ander, selfgesentreerd wees en verkeerde dinge dink. Ek dink ons almal kan van hierdie dinge erken – en sekerlik ook die persoon met wie jy die gesprek het.

**Romeine 6:23:** "*Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here*."

> Volgens hierdie vers verdien die sondes wat ons gedoen het 'n straf en daardie straf is die dood, maar die tweede helfte van die vers maak dit duidelik dat God aan ons 'n geskenk wil gee. Ons kan 'n gratis geskenk van vergifnis en vryspraak kry van ons doodsvonnis wat ons verdien. Die skuld is deur Jesus Christus se dood aan die kruis betaal en Hy het dit vir ons gedoen as gevolg van sy liefde vir ons nog voordat ons enigsins iets kon doen om liefde van God te verdien. Die feit dat Hy in ons plek gesterf het vir ons sondes, is 'n bewys van sy liefde vir ons. Kyk wat sê Romeine 5:8:

**Romeine 5:8:** "*Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was*."

Ek en jy kan nie iets doen om hierdie geskenk te verdien nie. ʼn Geskenk is iets wat vir jou gegee word – jy moet dit net ontvang. Ons kan ook hierdie geskenk van God ontvang op ʼn baie eenvoudige manier.

**Romeine 10:9:** "*As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word*."

**Romeine 10:13:** "*want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word*."

Sien jy hoe eenvoudig dit is om hierdie geskenk van God te ontvang? Ek en jy moet erken dat ons sondaars is en die dood verdien. Ons moet dan na God uitroep vir redding en vergifnis van ons sonde en die nuwe lewe wat Hy vir ons wil gee.

**Watter van hierdie bogenoemde metodes dink jy sal jy die maklikste kan gebruik? Verduidelik.**

---

---

---

**OEFENING: Kies een of twee van hierdie metodes en vra 'n vriend/medegelowige om te luister soos jy dit gebruik om die evangelie aan hulle te verduidelik. Laat hulle vrae vra en opmerkings maak. Op hierdie manier oefen jy om dit gemaklik te deel en wanneer die geleentheid hom voordoen met ander mense, voel jy gemakliker om die gesprek te hê.**

**Watter vriende kan jy kontak om dit te oefen?**

---

---

---

# 13. MENSE SE STRUIKELBLOKKE

Soms wanneer jy met mense verhouding bou, vir hulle omgee en die evangelie met hulle deel, is daar nog steeds twyfel en vrae. Hierdie moenie jou mismoedig maak nie en jy moet ook nie kwaad raak oor hulle twyfel nie. Dit is net 'n aanduiding van hulle soeke na die waarheid. Hierdie is niks nuuts nie. Een van Jesus se eie dissipels het oor Jesus se opstanding getwyfel. Tomas het dit duidelik aan die ander dissipels, wat reeds vir Jesus gesien het, gestel: "*As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie*" (Johannes 20:25).

Jesus se reaksie agt dae later was nie om Tomas weg te jaag of te verkleineer nie. Sy reaksie was net: "Kom hier Tomas. Kom kyk en kom raak aan My." Ons moet dieselfde gesindheid as Jesus hê soos ons saam met mense hierdie pad stap en dit is deel van ons verantwoordelikheid om lig te wees en die evangelie duidelik te maak aan verlore mense.

Ons moet aanhoudend gesprekke met hierdie mense hê en hulle vrae probeer beantwoord. In hierdie gesprekke moet ons probeer bepaal wat die struikelblokke is wat keer dat hulle tot geloof kan kom. Dit kan moontlik een van die volgende wees:

### 1. WANBEGRIP

Mense het verskeie wanbegrippe van wat dit beteken om ŉ Christen te wees – wie God is, wat van hulle verwag word, hoe hulle lewe gaan verander en nog vele meer. Die rede vir hierdie wanbegrippe is baie keer slegte voorbeelde, verkeerde lerings van geestelike leiers en natuurlike vrese.

Wanneer jy ŉ pad met so ŉ persoon stap, het jy die voorreg om hom/haar te help om ŉ ware begrip te verkry. Jy kan die lig van die waarheid op sy/haar wanbegrippe laat skyn. Jy het die voorreg om ŉ beter voorbeeld te stel en die persoon in kontak te bring met ander Christene, sodat hierdie persoon kan sien dat die slegte voorbeeld wat hy/sy gesien het, eintlik die abnormale is.

Baie keer het mense ŉ verkeerde begrip van wie God werklik is as gevolg van verkeerde lering of dinge wat mense gesê het. Baie keer is die prentjie van God wat hulle het, ook nie die God waarin jy glo nie omdat dit verkeerd is. Wys hulle wat die Bybel sê wie God is. Moedig hulle aan om die Bybel vir hulself te lees en moedig hulle aan om boeke te lees wat iets verduidelik van wie God werklik is.

Almal van ons het natuurlike vrese – wanneer ons van werk verander, ŉ huis koop, ons kinders universiteit toe laat gaan. Natuurlik sal mense ook ŉ natuurlike vrees hê indien hulle Christenskap oorweeg en hulle lewenswyse verander. Vrees kan maak dat wat werklik en waar is, nie so duidelik is nie – self die goeie ding om jou lewe oor te gee aan ŉ liefdevolle Vader. Baie mense het ŉ vrees dat hulle meer gaan verloor as wat hulle gaan kry indien hulle ŉ Christen word. Ons moet ons vriende help begryp dat Jesus gekom het om die werklike lewe vir ons te gee en hulle het nodig om self te ondervind en te sien dat die Here goed is (sien Johannes 10:1 en Psalm 34:9).

### 2. INTELLEKTUELE STRUIKELBLOKKE

Baie keer soek mense na die waarheid en ons moenie dink dat hierdie nie belangrik is as mense iets van God wil verstaan nie. Ons moenie hierdie vrae net onder die mat in vee en daarvan vergeet nie. Ons moet ook nie geïntimideerd voel deur hierdie vrae nie. Jesus het dit duidelik gemaak dat "jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag" (Markus 12:30). Verstand is deel van hierdie liefde en staan nie teenoor geloof nie. Neem jou vriend se vrae en besware ernstig op en doen jou beste om ŉ waardige reaksie daarop te gee. Jy gaan nie altyd die antwoord ken nie, maar gaan vind

uit, en kom terug met ’n waardige antwoord wat die persoon sal help om vorentoe te beweeg in hulle soeke – die nuwe kennis sal jou ook help groei in jou eie geloof.

## 3. Morele Bedenkinge

Baie keer sal mense sekere besware hê en moeilike teologiese vrae opper, maar wanneer jy voldoende antwoorde gee, sal hulle weer ander bedenkinge opper. Dit wil soms voorkom dat die persoon meer vrae soek as antwoorde. Baie keer is dit net ’n rookskerm vir die eintlike bekommernis. Baie keer is mense bang om ’n deel van hulle lewe te verander of om ’n verkeerde gewoonte pryse te gee. Bespreek hierdie sake met die persoon en help hom/haar om die werklike waarde van dit te bepaal. Byvoorbeeld: een persoon geniet dit dalk om oor naweke te drink en is nie bereid om dit op te gee nie. Praat met die persoon daaroor en wat die koste van so leefstyl is teenoor dit wat God vir hom/haar wil hê. Maak dit duidelik dat God ’n goeie Vader is en regtig omgee vir die persoon en die lewe wat hy/sy leef.

Ons moet mense help om die struikelblokke uit die weg te ruim sodat hulle ’n ingeligte besluit kan neem. Hierdie proses kan kort of lank wees, maar stap die pad saam met die mense omdat jy en God hulle na waarde ag. Miskien is dit belangrik dat ons ’n man se reaksie onthou toe Jesus vir hom gesê het om net te glo sodat sy seun genees kan word. Die man se reaksie was: “Ek glo...help my in my ongeloof” (Markus 9:24). Jesus het nie die man se twyfel veroordeel nie en tog sy gebed beantwoord. Dit sê baie oor God en hoe ons Hom kan benader en hoe jou vriende kan bid tot God met hulle ongeloof. Ons moet ook ’n belofte onthou wat Jesus gemaak het: “Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word” (Matteus 7:7-8).

**Met watter een van hierdie struikelblokke sukkel die persoon na wie jy uitreik? Hoe kan jy jou benadering verander na hierdie oorwegings?**

---

---

---

---

**Met wie op jou gebedslys het jy ’n gesprek oor Jesus of die evangelie die afgelope week gehad? Wat het jy daaruit geleer of watter aanpassings sal jy wil maak voor julle volgende gesprek?**

---

---

---

# 14. HOE LEI EK IEMAND NA JESUS?

Deur hierdie studie het jy verskeie onderwerpe bestudeer – hoekom ons die evangelie moet deel; hoe om ons storie met ander te deel en hoe om die evangelie vir mense te verduidelik. Al hierdie dinge is goed en dit is nodig dat mense iets van Jesus ervaar en iets van die evangelie verstaan, maar die eintlike doel van dit alles is dat mense 'n stap sal neem; 'n tree sal gee; sal oorgaan in aksie. Die doel is dat mense Jesus sal kies as Here en Verlosser van hulle lewe en dat hulle weer Jesus sal begin volg in sy missie – "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels..." (Matteus 28:19).

Soms raak ons baie goed om vir mense van Jesus te vertel en hulle te help om die evangelie beter te verstaan, maar ons vra nooit vir 'n aksie van hulle nie. Daar is niks wat daarmee vergelyk om iemand na die Here toe te lei nie. Om te sien hoe 'n persoon die liefde en vergifnis en genade van God reg voor jou ervaar, is 'n wonderlike ervaring en voorreg. Soms is al wat nodig is vir dit om te gebeur, jy wat hulle vra of hulle die Here wil aanneem.

As jy een van die illustrasies gebruik het om die evangelie te verduidelik, is dit nodig dat jy aan die einde iets sal vra soos: "Het jy ooit oorweeg om dit wat Jesus vir jou gedoen het te aanvaar in jou eie lewe?" Dit is nodig om te bepaal waar die persoon is in hierdie reis. Indien die persoon reg is om Jesus aan te neem, is dit belangrik dat jy die volgende sal onthou:

- **Ontspan –** Net soos God jou in jou reis en gesprek met die persoon gehelp het, sal Hy jou ook in hierdie stap help.

- **Vergeet van Woord-Formules –** Baie Christene voel hulle weet nie wat die presiese gebed is wat gebid moet word op hierdie oomblik nie. Onthou, dit is nie die perfekte gebed of woorde wat 'n persoon red nie. Dit is Jesus wat red. Al wat die persoon nodig het, is om 'n gesindheid van bekering te hê, weg te draai van hulle sonde en 'n versoek dat God hulle sal red. Hulle nooi God in en Hy doen die werk deur sy Heilige Gees!

- **Bid saam –** Stel voor dat julle saam iewers sal bid. Soek 'n stil plek waar julle nie gepla sal word nie en praat net daar met God. Ongelowiges weet nie altyd hoe om te bid nie, en hulle sal waardeer as jy voortgaan met die proses. Jy sal ook later kan optree as getuie dat hulle wel hulle lewens oorgegee het aan God. Soms wil mense dit alleen by die huis doen. Laat hulle dit doen en jou die volgende dag bel om te laat weet hoe dit gegaan het.

- **Bid Hardop –** Die meeste mense sal dit doen as jy hulle bystaan met raad en leiding. Moedig hulle aan om te bid soos hulle praat en dat hulle nie bekommerd hoef te wees oor groot woorde of 'n korrekte formaat nie.

- **Begin die Gebed –** Begin bid in 'n natuurlike manier wat vir hulle as voorbeeld sal dien, hoe om dit te doen. Dank God vir die persoon en dat God hom/haar tot hierdie oomblik gebring het. Vra God om hulle te help om sy vergifnis en leierskap te ervaar en te aanvaar.

- **Gee die gebed oor aan hulle –** Sê vir die persoon om aan te gaan en met God te praat in hulle eie woorde. Moedig hulle aan om te fokus op 'n paar areas:
    - **Erken –** Erken dat jy verlore is en God se vergifnis, wat Jesus op die kruis bewerk het, benodig.
    - **Bely –** Bely jou sonde voor God en vra om vergifnis.
    - **Vra Verlossing –** Vra dat God jou sal red en sy kind sal maak en dat die Here in jou nuwe lewe sal skep en dat sy Gees in jou sal kom woon en jou verander.

- Gee die persoon dan kans om te bid. Dit mag dalk ʼn oomblik neem, maar gee hulle die kans en jy sal een van die mees opregte gebede hoor.
- Maak egter seker dat die persoon op koers bly. Hulle moet eerder bid dat hulle gesondig het en vergifnis vra as wat hulle bid, hulle het ʼn fout gemaak en sal harder probeer.

- **Dankbaarheid –** Nadat hulle dit gebid het, verduidelik dat God hulle vergewe het en dat Hy hulle sal lei. Vra hulle hoe hulle voel en laat hulle God dank vir wat nou gebeur het en wat God vir hulle kom doen het.

- **Sluit af –** Dit sal natuurlik wees dat jy ook nou vir God wil dank vir die wonderwerk wat nou net voor jou oë plaas gevind het. Maak seker jy is opgewonde daaroor. Bid ook vir hulle beskerming in die dae wat nou voorlê.

Die Christelike lewe eindig egter nie wanneer daar "Amen" gesê is nie. Hier is ʼn paar wenke wat jy kan doen nadat julle gebid het:

- **Feesviering –** Neem ʼn oomblik en wees bly saam met die persoon. Herinner hulle aan Lukas 15:10 wat sê: "*Net so is daar blydskap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.*" Verskillende persoonlikhede sal dit verskillend ervaar.

- **Bevestig hulle Toewyding** – Dit is belangrik dat jy sal bevestig hoe belangrik dit is wat hulle nou gedoen het. Bevestig dat hulle die grootste besluit van hulle lewe geneem het en dat hulle God vir ewig sal dank.

- **Skets ʼn Realistiese Prentjie** – Verduidelik dat alles nie noodwendig nou maanskyn en rose sal wees nie. Daar sal tye wees wat hulle baie opgewonde sal wees en ander tye nie. Verduidelik dat dit normaal is, maar dat hulle verbind en in kommunikasie met Jesus moet bly.

- **Verduidelik Volgende Stappe** – Help hulle wat die volgende stappe is wat hulle kan neem op hierdie reis. Verduidelik aan hulle praktiese wenke vir gebed en Bybellees. Verduidelik die belangrikheid van verhoudings met ander Christene en die uitdagings van verhoudings met ongelowiges.

- Hou aan om die pad saam met hulle te stap sodat hulle hul voete kan vind. Hou aan om hulle vrae te beantwoord – daar mag dalk nou nuwe tipe vrae wees. Help hulle om in te skakel by ʼn kerk, 'n kleingroep of 'n geestelike familie sodat hulle kan aanhou groei in hulle verhouding met God. Nooi hulle saam met jou kerk toe totdat hulle hul voete gevind het. Hou aan om vir hulle te bid.

**Skryf ʼn gebed neer hoe God jou kan help en vrymoedigheid kan gee om iemand na Hom toe te lei.**

www.kerk.co.za